



“Jy kan nie vir my preek nie, as jy nie weet hoe was my week nie.” – Prophet is terug met nuwe album.
– Bl 5

“’n Mens moet vergewe”:
Dana Snyman gesels met ds Reggie Boesak.
– Bl 20



KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

14 Mei 2021

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 206 – Nummer 6



Student woeker met talente, getuig oor treffende wenfoto's

Die 22-jarige Coenraad Heinz Torlage het onlangs die gesogte Sony-wêreldfotografieprys as studentefotograaf van die jaar gewen. Hiervoor gee hy alle eer aan die Here. “Om af te kyk op hierdie twee jong boere het my met nostalgie gevul omdat dit my aan my jeug laat dink het,” vertel Coenraad oor dié foto hierbo wat hy vanaf ’n laaigraaf geneem het. Die foto is geneem nadat Olwethu, die plaasvoorman se seun, en HW, die boer se jongste seun, die hele dag saam beste opgepas het. Lees verder op bl 4.

Foto: Coenraad Heinz Torlage

BYBEL-MEDIA SE TOP-5-BOEKE VIR DIE MAAND

Top-boek vir die maand

Die klip in Lisa se borskas




R99



Wie het ook die lys van top-5-boeke gehaal?

R99

Ben en die drakie



Ben en die drakie

Leer kinders meer oor angstigheid, hoe dit hulle beïnvloed en hoe hulle dit kan hanteer.

Ben se storie is spesiaal geskryf vir alle kinders (jonk en oud) om hulle te help om hulle angstige drakie te tem. Ben en sy drakie sal jou help om 'n paar dinge oor angstigheid te leer sodat jy iets daaraan kan doen.

R99

Kolle en die gif




Kolle en die gif

Kolle se storie help kinders, jonk en oud, om te leer wat om met 'n boelie se gif te doen.

Kolle en die gif vertel die storie van twee gruwelike boelies wat oral gif versprei met hulle boeliegedrag. Maar die gif doen niks aan Kolle nie. Die boodskap wat Kolle oordra, is dat die liefde altyd sterker sal wees as bangwees vir 'n boelie.

R100

Jaap Durand en Verena Schweman



Bloedbruide van Christus 2

Jaap Durand se boek is nie bloot beriggewende vertellings wat rapporteer oor die lyding van vroue eeue gelede nie. Jaap skryf met 'n dringendheid, intense betrokkenheid en passie. Hier is 'n skrywer aan die woord wat diep geraak is deur die gebeure wat verhaal word, en die leser kan nie anders as om aan die hart gegryp te word nie.

R200

With the eyes of a child



With the eyes of a child

A must-read for everyone who has the responsibility to raise a Christlike generation in these challenging times.

With the eyes of a child is unique in its simple approach to the training and equipping of people involved in children's ministry. The content is based fully on the Word, and the main theme and ultimate goal of this work is to make Jesus shine as a hero and role model to children.

Die reeks kinderboeke is ook beskikbaar in Engels en binnekort beskikbaar in isiXhosa en Sesotho.

Gesoek in gesprek: 'bowenal liefde'

Lidmate en dominees in die NG Kerk is onlangs ná 'n onstuimige week in die kuberruim deur die kuratorium van die Sinode van Wes-Kaapland herinner aan die versoek dat hulle deelname aan gesprek ook op sosiale media "gekenmerk sal word deur die Christelike waardes van respek, luister, omarming – en bowenal, liefde."

"Luister eers diep en mooi na mense voor jy hulle – indien ooit – in die openbaar aanval of veroordeel," het dr Frederick Marais, skriba van die kuratorium, gesê.

Dit kom na aanleiding van wydlopende kommentaar op sosiale media en 'n voorbladberig in *Die Burger* oor 'n onlangse legitimasiële geleentheid van diensleraars.

Die dagbestuur van die kuratorium, die liggaam wat toesig hou oor teologiese opleiding, het op 16 April in 'n verklaring geskryf dat gesprek "oor sake in die kerk verwelkom word". Dan word daar egter uitgebrei hierop: "Die dagbestuur verwys na 'n onlangse besluit van die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) wat in November 2019 spesifiek oor gesprek op sosiale media geneem is. Hierdie besluit moet ook gelees word saam met die gedragskode wat deur die 2019 Algemene Sinode goedgekeur is:

1. *Die ASM neem met groot besorgdheid kennis van die wyse waarop daar in kerklike gesprekke en veral op sosiale media op kwetsende en etiketterende manier oor mense gepraat word.*

2. *Die ASM doen 'n beroep op alle lidmate, ampsdraers en kerkvergaderings om hulle te weerhou van uitsprake wat getuig van liefdeloosheid – en wat selfs grens aan haatspraak, skeurmakery, verdagmaking en valse getuieenis.*

3. *Die ASM versoek dat alle lidmate, ampsdraers en kerkvergaderings hulle verbind tot gesprekke wat gekenmerk word deur die Christelike waardes van respek, luister, omarming – en bowenal, liefde.*

Die verklaring is uitgereik deur ds Peet Bester (voorsitter) en dr Frederick Marais (skriba) namens die dagbestuur van die kuratorium, Sinode van Wes-Kaapland.

Die betrokke legitimasiële geleentheid

het op 29 Maart 2021 by die NG Gemeente Stellenbosch-Wes plaasgevind en 'n video-opname daarvan is intussen sowat 2 200 keer op YouTube gekyk. Reaksie op bydraes vanaf die kansel was uiteenlopend. *Die Burger* het op sy voorblad berig dat 'n "herrie op sosiale media ontstaan (het) nadat ds Melanie Thirion, leraar van die NG Kerk Kenridge in Kaapstad, onlangs op 'n legitimasiële geleentheid van NG Kerkstudente in Stellenbosch na God as 'Haar' verwys het."

Volgens Marais het sosiale media-kommentaar oor hierdie en ander aspekte van die geleentheid grense oorskry. "Daar is 'n vlak van verdagmaking waar dit onverantwoordelik is om nie te vra vir verantwoordbaarheid nie," aldus Marais.

Omvangryke publikasie aan Plaatjies-Van Huffel opgedra

By 'n klein onlangse geleentheid in die teekamer van die Fakulteit Teologie aan US, is 'n nuwe publikasie oor "Vier gereformeerde kerke in Suider-Afrika (1990-2020)" aan die dekaan van die Fakulteit Teologie by US, prof Reggie Nel asook aan ds Dawid van Huffel, eggenoot van wyle prof **Mary-Anne Plaatjies-van Huffel** (foto) oorhandig.

Hierdie versamelbundel van 13 verskillende artikels en 430 bladsye wat deur kerkhistorici vanuit al vier die grootste gereformeerde kerke, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Neder-

duitsch Hervormde Kerk van Afrika, geskryf is, het uiteindelik onder die gasredakteurskap van proff Hoffie Hofmeyr en Rikus Fick verskyn.

Aanvanklik was prof Mary-Anne Plaatjies-van Huffel ook 'n medegasredakteur hiervan maar sy is in Mei 2020 na komplikasies met 'n kankeroperasie oorlede. Kort na haar afsterwe is besluit om hierdie bundel aan haar op te dra in erkenning vir haar baie groot bydrae tot die vakgebied van die kerkgeskiedenis asook vir haar kerkleierskap, beide binnelands maar ook in Afrika en wêreldwyd, as een van die presidente van die Wêreldraad van

Kerke. Behalwe haar aanvanklike medegasredakteurskap, is ook een van haar allerlaaste akademiese artikels in hierdie publikasie opgeneem.

By hierdie oorhandigingsgeleentheid is daar van twee besondere sake gewag gemaak. Prof Reggie Nel, dekaan van Teologie het in sy verwelkomingswoorde opgemerk dat dit simbolies besonder belangrik en interessant is dat daar in hierdie taal-onseker tye op Stellenbosch,

'n omvattende stuk navorsing juis in Afrikaans verskyn het. Prof Hoffie Hofmeyr het op sy beurt opgemerk dat die hele proses van die samestelling van hierdie publikasie asook die uiteindelige publikasie daarvan in die teken van buitengewone samewerking plaasgevind het. Nie alleen het die skryf van die artikels in 'n gees van samewerking plaasgevind nie, maar ook die werkwinkels wat tydens die skryfproses gerealiseer het, het gesprek van besondere gesindhede tussen die verteenwoordigers van die vier gereformeerde kerke. Ook die samewerking met die uitgewers asook die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns wat substansiële finansiële steun aan die projek verleen het, was besonder.

Die hoop is ook uitgespreek dat hierdie publikasie met vrug bekyk sal word en dat dit verdere studie en navorsing sal bevorder. Kopieë van hierdie publikasie wat as 'n Supplementum van die *Stellenbosch Teologiese Joernaal (STJ)*, vol 6, nr 3 verskyn het, kan gratis elektronies by www.ojs.reformedjournals.co.za afgelaai word.



By die oorhandigingsgeleentheid was vnr prof Hoffie Hofmeyr (hoofredakteur), ds Dawid van Huffel, eggenoot van wyle prof Mary-Anne Plaatjies-van Huffel, en dan twee susters van laasgenoemde, naamlik mev Evy Olivier en mev Sylvia Fourie. Foto verskaf

2020-Bybelvertaling verskyn binnekort in groter letters

Die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans kry goeie aftrek en daar word eersdaags voorsiening gemaak vir Die Bybel: 2020-vertaling om ook in grootdrukformaat te verskyn.

"Die groter teks gaan beslis help dat hierdie Bybel makliker leesbaar sal wees vir persone met sigprobleme," sê die projekteur van die vertaling, prof Bernard Combrink, luidens 'n verklaring wat op 29 April uitgereik is.

Ds Dirk Gevers, uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap, sê die drukproses is tans onderweg en die eerste besending van die Afrikaans 2020-vertaling Grootdrukbybels behoort teen einde Augustus beskikbaar te wees, luidens die verklaring.

Die Bybelgenootskap het hierdie Bybelvertaling verlede jaar tydens sy tweede eufesvieringe bekendgestel. Sedert die Bybel in Oktober vrygestel is, het voorraad "van die rakke af gevlieg", volgens dr Francois Sieberhagen van die Bybelgenootskap.

Die volgende Kerkbode verskyn op 28 Mei 2021.

NG GEMEENTE RUYTERWACHT (GEMEENSKAPSKERK)

VAKATURE: DEELTYDSE LERAAR

Hiermee word 'n deeltydse predikantspos (onbepaalde termyn) in die NG Gemeente Ruyterwacht bekend gestel.

GEMEENTEPROFIEL:

Ruyterwacht-gemeente is 'n multikulturele gemeenskapskerk geleë in die noordelike voorstede van Kaapstad. Die gemeente het ongeveer 600 belydende en 200 dooplidmate. Die gemeente is geleë in 'n finansiële marginale gebied, maar bied ook geleentheid vir groot vervulling.

Die gemeente se oogmerke is:

Om huidige lidmate, maar ook kerkvreemdes en kerklos mense oor die hele spektrum heen (jeug, volwassenes en senior lidmate) te bedien en deel te maak van die gemeente, en om vernuwend te dink en goeie verhoudings te skep.

LERAARSPROFIEL:

- 'n Predikant van die NG Kerkfamilie.
- 'n Passie vir aktuele Woordverkondiging en die bediening.
- Goeie menseverhoudings om in 'n multikulturele omgewing die gemeente te kan uitbou.
- Gereelde kontak met lidmate te maak deur middel van pastorale ondersteuning en huisbesoeke.
- Vaardighede om die gemeente missionaal te kan begelei.
- Beslis nie dolerend wees nie.

PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE:

'n Diensooreenkoms en pligtestaat sal met die suksesvolle applikant onderhandel word.

VERGOEDING:

'n Totale koste vir indiensneming van R20 000 per maand kan aangebied word. Pligte en diensure sal dienooreenkomsdig proporsioneel onderhandel word. Geen pastorie is beskikbaar nie.

AANSOEKE:

Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud. Die kerkraad behou die reg voor om nie noodwendig 'n aanstelling te maak nie. Kandidate word versoek om 'n volledige CV en kontakbesonderhede van minstens drie referente te stuur aan:

ngkruyterwacht@telkomsa.net

Aansoeke moet die kerkkantoor bereik teen 31 Mei 2021.

NG KERK VIRGINIA

Die kerkraad van NG Virginia wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

VAKATURE: VASTETERMYNPOS

Gemeenteprofiel: Virginia is 'n plattelandse dorp in die Vrystaat wat grotendeels bestaan uit 'n myngemeenskap. Die gemeente bestaan uit ongeveer 400 belydende en 100 dooplidmate.

Leraarsprofiel: 'n Gelegitimeerde leraar of proponent van die NG Kerk wat begrip en liefde toon vir 'n plattelandse gemeenskap se unieke behoeftes en omstandighede.

Pligte:

- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.
- Oortuig wees van die roeping van die Here om as leraar diensbaar te wees in die gemeente.
- Skrifgetroue Woordverkondiging doen, geheg wees aan die gereformeerde leer en belydenisskrifte van die kerk.
- 'n Hart hê vir die aktiewe bediening met die doel om 'n verskil te maak in ons gemeenskap, gemaklik wees met huisbesoek en persoonlike kontak met lidmate in verskillende lewenstadiums.
- 'n Passie hê vir ons kinders, jeug en jongmense in die gemeente.
- Besik oor leierseienskappe om die gemeente in alle fasette (erediens, kategese, Bybelstudie, gemeentelike bedieninge, ens) te laat groei en betrokke wees by die organisering van funksies.
- Verkieslik op salariskerf 1 tot 4 wees.

Vergoeding en voordele:

- 'n Vergoedingspakket binne die raamwerk van die sinodale skaal word aangebied.
- Die volledige vergoedingspakket, wat 'n ruim pastorie insluit, sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

Aansoek: 'n Volledige CV met persoonlike besonderhede, onlangse foto, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente te stuur aan: ngvirginia@xsinet.co.za
Kandidate mag vir 'n onderhoud en preekbeurt genooi word.

Sluitingsdatum: 31 Mei 2021.

Navrae:

- Rika Haasbroek 082 928 6045
- Gerda Pienaar 083 627 3953
- Skriba: Gerda van Zyl 072 384 6471

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.



“Ek het grootgeword met beeste, perde, donkies en hoenders,” vertel Coenraad oor sy onderwerpkeuse vir die wenfoto's. Foto: Coenraad Torlage

‘Alle eer aan God!’ sê bekroonde fotograaf van plaasjapiefoto's

Vervolg van bl 1

Coenraad Heinz Torlage het onlangs die gesogte Sony-wêreldfotografieprys as studentefotograaf van die jaar gewen. Conette le Roux het met hom gesels.

“Ek het min tyd daarvoor gehad, en om alles in die Here se hande te laat, was my enigste opsie. Hy het my gelei. Hy het deure oopgemaak wat ek nooit self sou kon regkry nie. Ek het nie eens meer die weer dopgehou nie, want elke keer dat ek vir die regte weer gebid het, het Hy dit gegee. Die wolke sou ooptrek, die reën sou ophou. En die son sou uitkom – soos ek dit nodig gehad het.”

Dié finalejaarstudent van die Stellenbosch Academy of Design and Photography se reeks foto's van jong boere in die plaasomgewing van Dundee, Kwa-Zulu-Natal, waar hy grootgeword het, het die beoordelaars aangegryp.

Die opdrag was om tydgenote uit te beeld en spesifiek hoe hulle die wêreld 'n beter plek maak. Coenraad verduidelik hy het besluit om jong mense te fotografeer wat hulle lewe aan volhoubare voedselsekerheid wy.

“Ek het grootgeword met beeste, perde, donkies en hoenders,” vertel hy. “Boerdery is 'n intense beroep wat passie en onwrikbare toewyding verg.

Boere kies hierdie lewe omdat hulle glo dat hulle 'n verantwoordelikheid het. Suid-Afrika is 'n onvoorspelbare land met ernstige droogtes, daar is veiligheidskwessies en 'n voortdurende debat oor grondbesit. Jong boere werk aan 'n regverdiger en billiker toekoms van volhoubare voedselsekerheid.”

Hoewel Coenraad as plaasseun in KwaZulu-Natal grootgeword het, het hy altyd daarvan gedroom om op Stellenbosch te gaan swot. Aanvanklik het hy egter 'n ander vakgebied in gedagte gehad. “My plan was om een jaar lank fotografie by die Stellenbosch Academy of Design and Photography te studeer en om dan rekeningkunde aan te pak. Maar ná daardie jaar by die Academy, met 'n uitstekende lektor en 'n groeiende passie vir fotografie, was die moontlikheid om daar aan te bly eenvoudig te aanloklik.”

Behalwe die gesogte bekroning het Coenraad se inskrywing, wat as wenner uit 300 ander akademiese instellings wêreldwyd s'n aangewys is, waardevolle fotografietoerusting vir die Academy gewen.

Dié talentvolle jong fotograaf se droom is om uiteindelik nie slegs aan die kommersiële kant van die fotografiebedryf vasgevang te word in 'n poging om die rekenings te betaal nie. “Ek sal altyd graag projekte soos dié wil aanpak om die kreatiewe deel van my talent uit te leef.”



Jaco Strydom gesels met

Theo Geyser en Koos van der Merwe

Die 'profete' is terug – en hulle vlei nie

Theo Geyser en Koos van der Merwe van die groep Prophet gesels met Jaco Strydom oor hulle nuwe album wat kyk na “die donker ding diep in ons almal”.

“O ns het ontdek dat die Koronavirus mense se smaak aantast, ook hulle musieksmaak,” lag Theo toe ek hom gelukwens met hulle nuutste album *Die Kolonie* se sukses.

Dit het 'n paar weke terug gebeur. Ek het dit op sosiale media gesien, en besluit om vir myself te gaan loer of dit waar is – of Koos en Theo nie dalk 'n grap maak nie. En dit was so. *Die Kolonie* was nommer een in Suid-Afrika op Apple se iTunes. Eers dog ek, ek het verkeerd gekyk, dit is sekerlik die lysie van die Gospel-musiek in Suid-Afrika. Maar hulle was heel bo, bo alles, selfs bo Justin Bieber en 'n lot ander wêreldbekende bands.

Nou en dan gebeur dit dat 'n album vir 'n paar uur bo is aan die lys, dink ek. Maar 'n paar dae later was hulle steeds bo, heel bo, nommer een in Suid-Afrika.

“Toe Koos my bel om my dit te vertel, het hy opgemerk dat dinge van hier af net kan agteruitgaan, af onder toe,” sê Theo, “en dit hét!”

Wat het aanleiding gegee tot hulle besluit om weer 'n album op te neem? 'n Volle sestien jaar het verloop sedert die laaste Prophet-album.

“Wanneer die tyd kom om iets te sê, weet 'n mens dit net,” sê Koos. “Na jare dat mense ons vra om weer iets op te neem, was dit net die regte tyd. Miskien ontugtering tydens Covid-19 en die vreemde en korrupsieverwante nuusberigte. Dalk ook die eerlike wete dat die donker in ons almal is, ons kolonialiseer, vat wat ons wil hê, al maak dit ander arm en stukkend.”

Theo vertel hoe hulle laasjaar by die Stellenbosch Woordfees iets gesing het voor 'n Johnny Cash-show, en sommer net geweet het hier kom 'n ding. Die selfde naweek is die grendeltydperk aangekondig vir Covid.

Koos van der Merwe is in Pretoria gebore, was in 'n klomp skole en het gematrikuleer in Edenvale. Hy woon vandag op Wildernis. Theo Geyser woon die laaste 21 jaar op Stellenbosch, hy is in Heidelberg gebore en het grootgeword op Standerton.

Hulle is albei vandag voltydse leraars by gemeentes. Koos by Eden-gemeente op George en Theo by InVia op Stellenbosch en in Kaapstad.

Hulle sien mekaar eintlik heelwat,



Die groep Prophet is vanjaar nege en dertig jaar oud. Jaco Strydom het vir Theo Geyser (regs) en Koos van der Merwe gevra, waar het alles begin? Foto: Karin Amm

vertel Koos, selfs toe hulle vir sestien jaar nie saam opgetree het nie, want hulle is soort van familie, hulle is “swaere”, want hulle is met twee susters getroud.

Prophet is hierdie jaar nege en dertig jaar oud. Waar het alles begin?

“Ek het Koos ontmoet deur my broer wat saam met hom op Kweekskool was,” vertel Theo. “Die gemene deler was eers visvang, en langs die waters het daar diep openbarings plaasgevind wat onwetend Prophet sou voorberei vir hulle roeping. Die ontstaan was onbeplan. Een Sondagmiddag nadat Koos in Kemptonpark moes gaan sing het, vra hy my om saam te gaan. Ek het in 'n grap geantwoord: ‘Ek sing net in bands, so wat is ons naam?’ Koos het instinktief geantwoord: Prophet! Net dit. Daar was geen diep openbarings of verskuilde betekenis nie.”

Theo sê hy het eintlik vir Koos jammer gekry en wou hom graag help. “In 1982 het ek uitgereik na 'n armsalige teologiestudent ...” lei Koos se weer-gawe.

Die eerste jare was vol uitdagings. Die liedjie “Houtkruis” het goed afgegaan by die meeste kerkmense, maar voor dit was hulle dikwels in die moeilikheid. Theo en Koos moes voor tugkomitees verskyn, kerkmense het uitgestap tydens

hulle optredes, radiostasies het geweier om hulle musiek te speel.

“As jy nege en dertig jaar gelede op 'n kansel staan en jy sing die Hoenderliedjie, wat gaan oor hoe Petrus moes voel elke keer as hy 'n hoender hoor ... Dit was net ek en Koos wat hoender-vleis gekry het oor ons eksegeese. Verskriklik baie mense het uitgeloopt, en toe was daar 'n tannie wat 'n besonderse openbaring gekry het en 'n brief geskryf het aan al die sinodes om te sê ons het die gees van die Antichris,” vertel Theo.

Dinge het soos in die res van Suid-Afrika ook vir Prophet begin verander teen 1994. Koos en Theo was skielik toegegooi onder die uitnodigings vir optredes.

Hulle vertel dat hulle by erg uiteenlopende gemeentes opgetree het. “Van die konserwatiewes het van ons gehou, want hulle het gedink ons lewer kritiek op die Charismatiese kerke, en die ander het weer gedink ons lewer kritiek op die verkrampptes en konserwatiewes,” lag Theo.

Ek vra oor die nuwe album.

Koos verduidelik dat *Die Kolonie* ten diepste gaan oor die donker ding diep in ons almal, dat jy jouself die reg kan toeëien om in te palm wat jy wil hê, al doen dit ook hoeveel skade. Die bese behoefte om te kolonialiseer, om vir ons

self te vat, al maak dit ander om ons seer. Die liedjies probeer eintlik iets verwoord oor dit wat verkeerd loop in ons almal.

Die behoefte om te kolonialiseer is oral in die geskiedenis, ook vandag, in elke mens, in die kerk, in van romantiese verhoudings tot in die groter politieke en ekonomiese magsisteme, sê Koos.

Die album vra vrae oor ons eie hart, oor politici wat sê hulle gee om vir die armes, maar hulle uitbuit, oor kerke wat liefde verkondig, maar te dikwels ook net die magspel speel.

“Strate van goud”, 'n lied op die album, is geïnspireer deur Koos se seuntjie. Hy het destyds na 'n uitsending van 'n televisieprediker gekyk wat mense uitbuit en hulle probeer kry om geld op hulle kredietkaarte te stuur “sodat die Here hulle kan seën”. Sy seuntjie het gesê: “Pappa, maar dis mos nie reg nie?” En net daar is die lied by Koos gebore.

Na die podcast, luister ek na *Die Kolonie* terwyl ek iewers heen ry, my gedagtes dwaal, ek dink weer aan Koos se woorde: “As 'n mens sê jy het 'n issue met die kerk, moet jy besef jy is self die kerk, jy het 'n issue met jouself.”

► *Ds Jaco Strydom is predikant in die NG gemeente Villieria in Pretoria.*

Waar lê jy?

Die joernalis Neels Jackson vertel hoe Corinne Ware se navorsing gebruik word om te verstaan hoe verskillende spiritualiteite binne 'n geloofsgroep of selfs binne een kerk en gemeente funksioneer.

Ware is 'n Amerikaanse teoloog wie se werk 'n impak gehad het op verskillende plaaslike dominees met wie Jackson oor die jare gesels het oor dinge soos die sogenaamde *worship wars* – waar dit gaan oor die manier waarop daar aanbid word.

By www.kerkbode.co.za voer ons 'n video-onderhoud met Jackson oor sy nuwe boek (sien bl 12-13) en hy verduidelik onder meer hoe hierdie model sy interpretasie van debat in die kerk lei. Maar dit is ook 'n persoonlike stuk gereedschap. Neem 'n oomblik om jou eie reis te karteer aan die hand van die twee asse hieronder. Hoekom dink of voel jy wat jy voel? Hoe weet jy wat jy nie weet nie?




Diagram met erkenning aan Drie dekades van verandering: Die NG Kerk se pad na verruiming deur Neels Jackson.

KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode
Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Ontwerper: Mario Small
E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:
Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemarking:
Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

Frederick Marais

OP DIE KERKSTOEP



Dán word debat eerder dialoog

Daar het die afgelope tyd gesprekke oor kerklike sake op sosiale media plaasgevind wat gevaarlike laat aangaan. Gevare wat in die dokumentêr *The social dilemma* van Jeff Orlowski beskryf word. Dié dokumentêr waarsku onder andere dat die gevaar nog nooit in die geskiedenis so groot was soos dit tans is dat die aandag van individue en groepe so maklik met behulp van sosiale media gemanipuleer kan word nie.

Dit werk min of meer so. Ek voel ek het sterk oortuigings oor 'n saak. Ek neem enkele woorde of sinne van persone van wie ek vermoed dat ek verskil. Om my saak te versterk en meer aandag te kry, neem ek dié enkele woorde uit die gesprek en verbind dit aan 'n uiterste standpunt wat ek weet in diskrediet is by my gehoor. So steek ek 'n vuur van verdagmakery aan. Uit bogenoemde bou ek 'n narratief van, "hier-sien-julle-weer-hoe-die-klomp-dink", maar dit is lankal nie meer hulle woorde nie, nou is dit die narratief wat ek geskep het, se woorde. Ek maak 'n plasing op sosiale media, steeds sonder dat ek met die persoon in gesprek was. In die verbygaan raap mense die plasing op en begin kommentaar lewer met nog minder inligting oor die onderwerp, ek lewer verdere kommentaar met nog meer verdoemende kommentaar. "Wat gaan hier aan!" word gevra, waar daar 'n rokie is, brand daar 'n vuurtjie, en so verhoog die agterdog binne ure. Nou begin die berg brand. Na 'n dag of so, raap ander media dit op en hang die sensasie van die gesprek aan die lamppale. Die berg brand af. Uiteindelik ontvang iemand 'n e-pos van iemand wat hom glad nie ken nie, maar verplig voel om hom in die naam van God die ewige verdoemenis te belowe. Ek is nie hier besig om in die

eerste plek ander mense se foute uit te wys nie, dit is ook vir my 'n onaangename spieël om in te kyk.

Die missioloog Darrel Guder het hom soos volg hieroor uitgelaat. Die 21ste eeu sal getipeer word as 'n tyd waarin kompleksiteit toeneem en mense, ook Christene, al hoe meer en al hoe makliker van mekaar gaan verskil. Een van die grootste uitdagings van die kerk gaan wees om te leer om van mekaar te verskil op so 'n manier dat dit die evangelie van Christus waardig is. Paulus maan ons in Filippense 1:27(b) "... dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie ..." Eensgesind beteken natuurlik nie dat ons eenders dink nie, altermens. Om saam te stry, beteken hier ook nie dat ons saamstry teen 'n gemeenskaplike vyand nie, maar eerder dat ons saam in stryd is met mekaar, soos twee stoeiers wat kragte meet in die kryt. Elkeen het 'n ander greep op die waarheid. Ons meet die waarhede op teen mekaar nie om mekaar te wen nie, maar om so saam te stry "vir die geloof in die evangelie".

Die gesindheid waarvan Paulus hier praat definieer hy as dieselfde gesindheid wat daar in Christus Jesus was (2:5). Gesindheid is die vertaling van die Griekse woord *phroneo* wat ook vertaal sou kon word met "manier van dink". Hierdie *phroneo* van Christus (manier-van-dink) is duidelik nie om te verskil van mekaar deur verdagmakery nie. Dit is veel eerder om te midde van verskille saam te dink en na mekaar te luister en weer te luister totdat ons van mekaar leer, mekaar leer verstaan en waardeer.

Die meeste van ons is geskool in 'n ander vaardigheid. In gesprekke luister ek totdat ek die fout in jou argument

raak hoor en dan gebruik ek dit om jou standpunt ongeldig te verklaar. Dit is so diep in ons kerkkultuur dat dit die verstekposisie is in die meeste gesprekke waar mense van mekaar verskil.

Otto Scharmer beskryf in sy bekende boek *Theory U: Leading from the future as it emerges* 'n manier van luister wat vir my veel nader kom aan eensgesindheid wat saamstry vir die evangelie. Gewoonlik, vertel hy, is mense geneig om hulleself teenoor ander te wil verdedig, of om die ander verkeerd te bewys. Dit is wat ons in debatvoering doen waarin ons mekaar probeer uitoorlê, of deesdae op sosiale media. Ons kan beter doen as ons na mekaar luister met die gesindheid om by mekaar te leer, dan word debat dialoog. Ons kan verder gaan, verduidelik Scharmer, en onself inoefen om só te luister dat ons die persoon agter die woorde leer ken en waardeer. Hy noem dit empatiese luister. Maar, vertel hy, daar is nóg 'n moontlikheid, het hy agtergekom in sy navorsing. Wanneer mense met verskillende standpunte lank genoeg na mekaar luister, ontstaan daar wat hy noem generatiewe luister. Daar kom in die gesprek momente, waar ons bewus word van 'n nuwe toekoms wat onverwags deurbreek. Generatiewe luister is wanneer daar in gesprekke met 'n diversiteit en selfs konflikerende stemme momente kom wanneer ons verwysing nie meer die verlede is nie, maar die moontlikhede wat die toekoms bied. Die veld van waaruit ons luister is nie meer die probleme van die verlede nie, maar die moontlikhede van die toekoms.

Dit werk so. Ek word bewus daarvan dat ek van iemand verskil. Ek kontak die persoon en ons begin met mekaar te gesels met die gesindheid dat ons by mekaar kan leer. Ons begin ontspan by mekaar, verskil van mekaar, maar leer ook by mekaar. Help mekaar om ons standpunte te vertaal in ons eie verstaansraamwerke. Ons drink koffie, ons eet saam, maak weer afsprake, en dan onverwags terwyl ons eintlik oor iets anders praat, ontdek ons 'n nuwe moontlikheid selfs al verskil ons nog steeds van mekaar.

Andrew Murray was al 'n ou man en na aanleiding van een van sy boeke skryf 'n jong predikant 'n brief in die kerklike media. Dit is 'n goeie boek, skryf hy, maar ook dat hy nie met alles saamstem nie. Murray se volgelinge is verontwaardig dat so 'n jong man dit durf waag om van Murray te verskil. Murray self stuur egter 'n uitnodiging: 'Kom gesels met my sodat ek met jou kan saamstem'. Ek dink ek wil dit meer begin doen.

► Dr Frederick Marais is voorsitter van die Algemene Kuratorium.

“Een van die grootste uitdagings van die kerk gaan wees om te leer om van mekaar te verskil op so 'n manier dat dit die evangelie van Christus waardig is.”



Geseënd is die taalkunstenars

Toe vra Jesus vir die teoloë: “Wie, sê julle, is Ek?”

En die predikant antwoord Hom: “U is die eskatologiese manifestasie van ons syn, die aktualisering van die potensiele God-mens-verhouding wat die ultimate waarheid vir elke mens inhou; die kerugma wat op die snykant van die vermenslikingsproses in konflik gemanifesteer word, die paradigma van menslike perfeksie.”

Verstom vra Jesus: “Wát??”

In hierdie dae, waarin ons opnuut weer nadink oor die rol van gender in hoe ons dink en praat oor God, moet ons dalk terselfdertyd weer dieper, meer versigtig, met groter erns nadink oor ons taalgebruik: oor watter rol(le) taal vertolk binne die teologie, en binne ons kerklike gesprekke en debatte; en oor hoe (maklik) misverstande ontstaan, en watter mag daar in ons woorde, ons retoriek, ons metafore en beelde – ook ons metafore vir God – opgesluit lê.

Hoe ons praat maak saak. Dit het nog altyd saak gemaak. In elkeen van die Evangelies stel Jesus immers hierdie twee vrae aan die dissipels: Wie sê die mense is Ek? Wie sê julle is Ek?

Ook maak dit saak hoe die kerk oor die eeue, te midde van verskillende debatte en omstandighede, sou antwoord op hierdie vrae. Hoeveel kerklike konsilies het immers nie vir jare lank oor ’n enkele woord – ’n enkele letter, selfs! – gedebatteer nie, juis omdat daar ingesien is dat taal saak maak; dat fyn teo-

logiese onderskeide en nuanses dikwels opgesluit sou lê in die keuse vir die insluiting of uitsluiting van ’n enkele woord (of selfs letter).

As ons mooi daarvoor dink, sou ons kon sê dat sommige van die grootste teologiese debatte in die kerk se geskiedenis, ten diepste, konflikte oor taalgebruik was – omdat die kerk altyd ingesien het dat ons nie argeloos, sorgeloos, kan praat oor wat en wie God is en nie is nie.

Dink, byvoorbeeld, aan hoe daar in die vierde eeu oor Jesus Christus se wese gedebatteer is (*homoousios* of *homoiousios*), of hoe daar in die elfde eeu gedebatteer is oor die vraag of die Gees slegs vanaf die Vader uitgaan, of vanuit die Vader én die Seun (*filioque*). Dink aan van die mees invloedryke en gesaghebbende teoloë, soos die kerkvader Augustinus (of, binne die gereformeerde tradisie, teoloë soos Karl Barth en Johannes Calvyn), wat meesterlike retorici was. Ook hulle was diep oortuig daarvan dat taal saak maak binne ons kerklike gesprekke.

In sy boek *What is rhetorical theology?* (1999) beskryf die teoloog Don

Compier retoriek as die (antieke) kuns van oortuiging, en argumenteer hy dat alle teologiese besinning ’n beoefening van retoriek is. Talle teoloë – insluitend figure soos David Tracy, David Kelsey, Hans Frei, George Lindbeck, Serene Jones – sou dan ook geïnteresseerd wees in wat hulle sou noem geloofsgrammatika, die taalreëls of spelreëls vir die geloof soos verwoord in ons geloofsbelydensisse en Christelike leerstellings; en die taalfilosoof Ludwig Wittgenstein se beeld van taal as ’n spel wat gespeel word volgens bepaalde reëls en ’n eie interne logika.

Dit behoort ons te herinner daaraan dat alle teologiese gesprekke nog altyd óók ’n taalspel is met bepaalde spelreëls, grammatika, en ’n eie retoriese dinamika. Daarom die punt dat geeneen van die beelde wat ons vir God gebruik – hetsy persoonlike beelde, soos vader of moeder; of onpersoonlike beelde, soos rots of leeu of beer of arend – *is* wie God *is* nie. Die metaforiese afstand maak saak: God is *soos* ’n vader of *soos* ’n moeder of *soos* ’n leeu of *soos* ’n rots vir ons.

God is altyd meer, altyd groter, as ons

taalgebruik vir en oor God.

Dit behoort ons tot nederigheid te stem, en ’n groter openheid – en kreatiwiteit en verbeeldingrykheid – by ons te kultiveer in die oomblikke waarin ons dink oor hoe ons praat oor God. Trouens, Augustinus het gemeen dat, in die oomblik wat jy dink dat jy God begryp, dit wat jy begryp allesbehalwe God is!

Want soos wat elke taal verander, en asemhaal, omdat taal lewend is en nie dood en oud en afgeleef nie; so haal geloofstaal ook asem, en kan dit ook verander, en groei, en ons veilige verwagtings en grense uitdaag en druk en ja, selfs verskuif. Die lewende geloofstradisie waarbinne ons geloofstaal veranker is, is immers deel van ’n veel langer, veel dieper, veel groter storie van God met mense.

Dit beteken dat ons geloofstaal baie meer is, en nog altyd was, as bloot ’n ensiklopedie van metafore vir God, of ’n stel wiskundige berekeninge of logiese beginsels vir hoe genade werk.

Dalk is dit veel eerder die digters, die kunstenaars, die skrywers – wat die vermoë het om nie net taal te verstaan nie, maar wat só vermoënd is dat hulle ook daarmee kan spél – by wie ons in hierdie dae iets kan leer van die God wat altyd groter, altyd meer is, as ons geloofstaal.

Geseënd is die taalkunstenars.

► *Dr Nadia Marais doseer Sistematiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.*

“Hoe ons praat maak saak. Dit het nog altyd saak gemaak.”



‘In my mind’s eye I would picture God ...’

MICHELLE BOONZAAIER

*Dear Melanie and Jana**

I send you my love, appreciation and so doing, honour your leadership in the Dutch Reformed Church.

“God is ’n vrou, sê NGK-leraar.” Loosely translated, God is a woman, says DRC minister, the church that I have been a part of for the past 20 years and a minister in for 15 years. My heart wants to leap for joy, when I see this headline (*Die Burger* poster, 15 April). However, I know that this is something that has led to divisive conversations on social media over the past few days.

I wonder what Mary, the mother of Jesus, must have felt along with her leaping heart (Luke 1:46-56). I wonder if she knew that the child that she hosted in her pregnant body, her cause for celebra-

tion – would bring liberation for some and be a threat to others. For the first time from a very public pulpit, my calling as a minister in the DRC is affirmed by a woman from the pulpit – I am made in God’s image. I have been called, not only as an office-bearer – but as a vessel of the living God, bringing God’s message to God’s people.

I started reading at a young age and the Biblical text has been a source of inspiration for a long time. The stories that made the biggest impression on me were especially those that used vivid imagery.

In my mind’s eye I would picture God ...

a burning bush

a column of fire, guiding God’s children by night

a cloud to cool them by day

a hen that protects her chicks!

a lamp and a light

a door and a gate

sometimes even a path

I am who I am

a Lamb

These are the images that filled my imagination. The irony was that not all these images were given equal value from pulpits. Not in the church of my childhood, nor the church that has welcomed me as a minister. I have had to find ways to be a minister despite public messages of who God is. Messages that leaned towards only particular bodies. The amazing thing is that God has never changed for me.

Amorphous God – Shapeshifter God – that sometimes fills me – more than I can sometimes find words for.

As I watch the video of the ordina-

tion of people who have been excluded from the ministry for many years – for many reasons, I hear the lifegiving message – finally – God is also a woman. Thank you, Melanie and Jana, for the gift that you have given me – a gift of inclusion – a gift that says that my journey with God, my stories, my body – matters.

With much appreciation (and, of course, creative rainbow love).

► *Ds Michelle Boonzaier is van die NG Kerk Brackenfell en I Am Ministries.*

• *Hierdie ope brief is gerig aan ds Melanie Thirion en dr Jana van den Munckhof op grond van dié leraars se onlangse deelname aan ’n legitimasiegeleentheid van NG Kerkstudente in Stellenbosch. Kerkbode publiseer dit in die oorspronklike taal waarin dit geskryf is. – Red.*

Is daar 'n verskil tussen post-teïsme en ateïsme?

Ben du Toit probeer godvry leef, maar dis nie haalbaar nie, skryf AMIE VAN WYK (foto).

Dit het Ben du Toit 'n leeftyd geneem om tot die ontdekking te kom “dat geloof in God (vir my ...) geen nut meer het nie” en dat dit wonderlik is om elke dag vry te leef van die vrees van 'n transendente godheid of mag. Sy nuwe lewe as 'post-teïs' beteken immers 'n radikale breuk met die metafisiese wêreld. So skryf hy in sy nuwe boek *God. Is daar 'n ander antwoord?* (2020), waarskynlik een van die opspraakwekkendste teologiese boeke wat ooit in Afrikaans geskryf is.

Dit gebeur immers nie dikwels nie dat 'n Christelike teoloog volledig afskeid neem van die Christelike geloof, van God, van Christus, van die Bybel, van die Christelike geloofsbelijdenis, van die Christelike kerk, ja, letterlik van dit alles, en dan 'n 'post-teïs' word. Net vyf jaar gelede het hy in sy boek *Sprakeloos oor God* (2015) nog geskryf dat ons nie onseker moet wees oor die kernwaarhede van die Christelike geloof nie. En selfs in sy veel meer kritiese boek, *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* (2000) merk hy op dat die evangelie staan of val met die kruis en opstanding van Christus. Maar nou neem hy afskeid van dit alles, hý, 'n predikantseun van 'n pa wat as sendeling die evangelie van God se genade in Christus in Malawi en Zimbabwe verkondig het.

Ben se post-teïsme word reeds duidelik geïllustreer in sy laaste 'preek', wat oor Tamar handel (2 Sam 13). Sy word deur haar eie broer Amnon verkrag en weggejaag, 'n wrak. Toe haar ander broer, Absalom, haar raakloop, troos hy haar met woorde soos 'bly net stil en moet jou nie kwel nie'. Ben stel nou die vraag wie die hoofspeler in hierdie verhaal is en volgens sy oordeel is dit ... God, die God van liefde. Hý is die werklike “olifant in die vertrek”. Waarom het Hy die gebeure nie verhoed nie? Ek het hierbo verwys na Ben se 'preek'. Maar 'n preek kan dit tog nie

wees nie. As daar in 'n 'preek' geen enkele verwysing is na die liefde van God in Jesus Christus nie, mag dit interessante leesstof wees, maar is dit geen preek nie (Luk 24:44). (En dis nie dat hy nie daarvan weet nie). Hiermee saam stel hy die vraag hoe is dit moontlik dat 'n almagtige, barmhartige, liefdevolle en alwetende God nie byvoorbeeld sy kerk kan byeenhou nie? – in teologie die teodiseevraag genoem.

So is dit hoe Ben die God van die Bybel teken ... 'n olifant in die vertrek.

Hy stem hier saam met die ateïsme wat nie in God glo nie, maar tog gelowig bly; hulle glo in die nie-bestaan van God, in NIKS. Daar bestaan immers nie 'n mens wat totaal ongelowig is nie. Dis God of NIKS. Ben probeer godvry leef, maar dit is nie haalbaar nie. As die ware God afgewys word, word Hy vervang met 'n geloof in die oppermag van die mens (humanisme), die mens se verstand (rasionalisme en positivisme) en sy wetenskap (sciëntisme). Uiteindelik, so redeneer hy, los die wetenskap tog veel meer probleme op as wat godsdiens kan doen en is dit daarom van veel groter waarde.

Ja, ek gee toe daar is moeilike dele in die Bybel wat oor God handel, die intogeskiedenis van Israel byvoorbeeld. Maar was die Kanaäniete nie wrede nasies wat hulle eersgebore kindertjies aan afgode geoffer het nie en dus strafwaardig? Bewys God nie reeds sy genade, barmhartigheid, lankmoedigheid en liefde aan die heidenstad Nineve as Hy die stad spaar nie (Jona 4)? – 'n tipering van God wat talle kere in die Ou Testament herhaal word. En vorm die Nuwe Testament met sy openbaring van 'n God van liefde wat sy Seun Jesus Christus stuur as Verlosser,

Versoener en Heiland nie die hoogtepunt van sy liefde vir 'n gebroke mensdom nie (Joh 3:16)? Wat in die Bybel duidelik is, is dat God téén die sonde is en dit nie wil nie.

Ben maak gebruik van die ewolusiedenke om die bestaan van die mens, en God, te verklaar. Hy redeneer dat die mens se brein volgens die proses van ewolusie ontwikkel tot selfbewussyn en dat die mens dan dink: Nou het ek 'n god nodig en dan skeep hy vir hom 'n god. Maar waarom ondersoek hy nie ook die omgekeerde moontlikheid nie waarvolgens die menslike brein op 'n gegewe oomblik konkludeer: Ek besef nou skielik dat ek nie GóD geskep het nie maar dat GóD mý geskep het – en daarmee saam die groot heeal?

Ben se vertrekpunt is die mens en sy verstand, die wetenskap en ewolusie. Die mens is 'n produk van 'n lang ewolusieproses en word deur sy brein beheer en nie deur 'n god nie. Godsdiens het nie van 'bo' ontstaan nie maar ewolusionêr van 'onder' ontwikkel en daarom is die mens ouer as enige konsep van 'n godheid. Hy stem saam met die woorde van Harry Kuitert dat daar niks in die hemel [en hel] is wat nie op die aarde bedink en gemaak is nie; “die werklike skepper is nie 'n metafisiese wese (God) nie, maar die mens” – sy brein. In hierdie beskouing bly daar egter 'n onbeantwoorde vraag: Die bewering dat alle woorde 'van onder' deur die mens bedink is, laat die vraag onbeantwoord of die woorde 'van onder' nie 'van Bo' geïnspireer is nie?

Vanselfsprekend het Ben groot probleme met die kerk, veral die NG Kerk waarin hy so lank gedien het. Hy stel byvoorbeeld die belangrike vraag hoe die leiding van die Heilige Gees in die kerk, veral sinodes, verstaan moet word. Hoe kan die Gees die NG Kerk se sinode van 2015 lei om selfdegselagverhoudings te aanvaar (dus ja), om dit in 2016 weer af te keur (nee), en dan weer in 2019 met 'n ja-nee te eindig (plaaslike kerkrade moet nou daaroor besluit)? Hy spreek 'n harde oordeel uit

as hy sê dat sy ervaring met die kerk en teologie hom daartoe gelei het dat hy homself “nou van enige uitdrukking van godsdienstigheid distansieer”.


In hierdie verband raak Ben 'n baie belangrike saak aan waar dit gaan oor die eenheid van die kerk(e) en die leiding van die Heilige Gees. Die Bybel ken net die eenheid van die kerk van Christus en die verdeling van die kerk in verskillende kerkgroepe deur die eeue heen wat 'onder leiding van die Heilige Gees' verskillende en weersprekende besluite geneem het, is ongetwyfeld 'n skande vir die Christendom en 'n ondermyning van die Christelike geloof. Hierdie stand van sake is onaanvaarbaar en die groter tragiek is dat weinig Christene dit as 'n ondermyning van die evangelie beskou en ervaar. Wie versoening preek en verskeurdheid leef, is ongelooftwaardig.

'n Ander vraag wat Ben probeer beantwoord is: Wat is die sin van die lewe? Hierop antwoord hy dat die sin van die lewe bestaan in 'kindness' en 'decency'. Hy noem ook ander dinge wat in die lewe belangrik is, soos eenheid, geregtigheid en menswaardigheid, gelykheid, lewe, ook geluk, vrede, medemenslikheid, versoening en hoop, en hy voeg dan by dat die kerk nie die monopolie het om hierdie dinge te verwerklik nie. Die konsep 'koninkryk van God' vind hy onbruikbaar omdat dit die goddelike patriargie bevestig. Dit is duidelik dat daar nie vir Ben iets groter in die lewe is as ... die mens en sy deugde nie.

Nie geloof in God as Skepper nie, nie geloof in en navolging van Jesus Christus as Here en voorbeeld nie, nie diens aan die koninkryk van God nie, nie die verwagting van 'n nuwe skepping deur God nie, nee, die sin van ons lewe is om hier en nou met oorgawe te leef, dit wil sê die strewe na 'n radikaal bevrydende humaniteit.

'n Vraag wat by my ontstaan, gaan oor Ben se betrokkenheid as kapelaan tydens die Angolese Oorlog waar soveel menswaardigheid geskend is. Het hy nooit sy betrokkenheid aldaar krities getoets aan die etiese voorwaardes wat vir 'n regverdige oorlog geld en moes hy nie tóé dalk onttrek het nie?

Die vraag wat ten slotte beantwoord moet word, is: Is daar enige verskil tussen post-teïsme en ateïsme? Beide ver-



“Die natuurwetenskappe werk veral met redenering, verifiëring of valsifiëring terwyl die teologie byvoorbeeld werk met normduiding, sinduiding en hoopgewing.”

werp God, Christus, die Bybel, geloof, 'n geesteswêreld en 'n geesteswetenskap, byvoorbeeld teologie. Nie een van die twee kan die drie fundamentele vrae in die lewe bevredigend en hoopvol beantwoord nie: Waar kom alles vandaan, waar gaan alles heen en wat is die sin van die lewe? Dit laat my dink aan die woorde wat David Robertson oor Richard Dawkins geskryf het: "You live in a universe which appeared from nowhere, is going nowhere and means nothing."

Ek dink Ben kan sy insig verbreed indien hy die boek lees wat 'n gerekende natuurwetenskaplike, iemand wat eers 'n atëis was en daarna die Christelike geloof aangeneem het, geskryf het. Ek verwys na Francis Collins se *The language of God: A scientist presents evidence for belief* (2007).

In hierdie debat moet daar natuurlik duidelik besef word dat die natuurwetenskappe fokus op die immanente werklikheid terwyl die geloofswetenskappe gerig is op die transendente werklikheid. Die natuurwetenskappe werk veral met redenering, verifiëring of valsifiëring terwyl die teologie byvoorbeeld werk met normduiding, sinduiding en hoopgewing.

Die Christelike geloof rus op drie pilare: geloof, hoop en liefde: liefde van en vir God en die naaste, ook die vyand; hoop op God, vir die klein en ook Groot Toekoms, die ewige lewe en die vernuwung van die totale skepping; geloof in God vir sy genade in Jesus Christus, wat 'n geskenk is van die Heilige Gees. Wat op aarde kan sinvoller, vroliker en hoopvoller wees as hiërdie boodskap?

► *Prof Amie van Wyk is 'n afgetrede teologiese professor van Potchefstroom.*

● *Hierdie artikel het vroeër op Netwerk24 verskyn en word hier met toestemming van die skrywer gepubliseer.*

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvolvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Beginsel van eenheid in verskeidenheid oorheers kerklike debatte

Johan Janse van Rensburg skryf:

Die huidige diskoers in die NG Kerk gaan oor baie meer as die selfdegeslagverhoudings. Daar is 'n integriteitskrisis wat die geloofwaardigheid van die kerk ernstig skend. Artikel 1 van die Kerkorde stel dit duidelik dat die kerk in die onfeilbare Woord van God en die gereformeerde belydenisskrifte gefundeerd is. Die kerk word volgens haar getrouheid aan artikel 1 van die Kerkorde beoordeel. Artikel 1 is baie eksplisiet. Kragtens die belydenis funksioneer die kerk vanuit die onfeilbare Woord en die belydenisskrifte.

In die huidige diskoers word die onfeikbaarheid van die Skrif egter op akademiese en kerklike vlak bevraagteken en teengegaan sonder dat daar enige kerklike reperkussies is. Dosente verklaar dat hulle nie in die werklike opstanding van Jesus Christus of die maagdelike ontvangenis by Maria glo nie. Dit staan in skrilte kontras tot die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus. Talle verklaar openlik dat die Bybel nie die Woord van God is nie maar mensewoorde oor God. Dit alles en vele meer kan terugherlei word na 'n bepaalde Skrifbeskouing wat in die toepassing daarvan talle Skrifge-deeltes in die gedrang bring.

Die besluit van die Algemene Sinode om die beginsel van diversiteit te aanvaar, het daartoe gelei dat teoloë wat hulle teen die Skrif en belydenisskrifte uitgespreek het, nie uit hulle strategiese poste ontruim is nie. In werklikheid was die Algemene Sinode se besluit van diversiteit dus ultra vires. Kerklike debatte word deur die beginsel van eenheid in verskeidenheid oorheers, terwyl Efe-

siërs 4 juis 'n veelheid van geloofsoortuigings as 'n bedreiging vir kerklike eenheid afwys. Hierdie gebrek aan integriteit plaas 'n vraagteken agter die belydenisgrondslag van artikel 1. Laat die kerk dan sy "grondwet" verander as dit nie meer geglo word nie. Tot dan dring ek en ander aan op getrouheid aan die belydenis van die kerk.

Waarheen is die NGK op pad met sogenaamde 'gendergeregtigheid'?

Henrietta Klaasing van Randfontein skryf:

Op 8 Oktober 2019 neem die Algemene Sinode 'n amptelike vyfpunt-besluit oor gendergeregtigheid. Onder die derde punt word onder andere opdrag gegee dat "aandag gegee word aan patriargale teologie". Die vierde punt gaan daarvoor om 'n "hermeneutiese raamwerk te ontwikkel om patriargale tekste in 'n genderneutrale wêreld op 'n geldige en verantwoordelike wyse te lees".

Dit moet gelees word in die lig van die WAT (*Woordeboek van die Afrikaanse Taal*) se definisie van "GENDER", naamlik: die "identiteit wat deur die seksuele selfbeeld van mense bepaal word". Daarteenoor word "GESLAG" biologies bepaal.

Die 2019-besluit het ook nuwe betekenis gekry na die herrie wat onketen is onlangs op 'n legitimasiegeleentheid van NG Kerkstudente in Stellenbosch waar 'n vrouedominee na God as "Haar" verwys het. Die gedrukte media en sosiale media het gegons daarvoor. Op Netwerk24 het dr Frederick Marais gesê ds Thirion het in haar verwysing die gehoor uitgenooi om oor die manlikheid of vroulikheid van God na te dink en self

'n keuse te maak. "Dit is natuurlik die werk van predikers om mense uit te daag om voortdurend te vra of hulle denke oor God nie verruim behoort te word nie en vandaar die vraag in haar preek."

Patriargale teologie en bepaalde maniere waarop die Bybel gelees word, is in die spervuur. Kort voor die Algemene Sinode van 2019 verskyn daar 'n verklaring wat onderteken is deur vroueteoloë en -predikante van verskeie denominasies (ook van die NG Kerk) waarin gemeld word dat "patriargie ten diepste die siekte van die siel" is. Daarin word ook 'n beroep gedoen op geloofsgemeenskappe se leierskap om "daadwerklike aandag te gee aan hoe maniere waarop die Bybel gelees en toegepas word, geweld teen vroue en kinders in stand hou".

Dit wil voorkom asof die Wes-Kaapse sinode en die Teologiese fakulteit van die Universiteit Stellenbosch voorlopers is in die bevordering van sogenaamde gendergeregtigheid. In 2018 is aangekondig dat die Sinode van Wes-Kaapland vier MTh genderstudies binne bepaalde navorsingstemas rakende gendergeregtigheid borg. Een van die temas is "Alternatiewe tot patriargale teologie in kerklike en sosiale kontekste". Beurshouers se klasgelde sal ten volle betaal word. Daar is ook 'n ekstra bedrag beskikbaar vir die navorsingskomponent wat binne die omvang van die tesis plaasvind.

Waarheen is die NG Kerk op pad met die sogenaamde "GENDERgeregtigheid" (dink LGBTQ+)? Gaan dit die pad van die liberale on-Bybelse feminisme loop wat in ander lande geloop word? Word die volle implikasies daarvan op die kerk en die teologie volledig verreken? Daar kan uit ander lande se foute geleer word, eerder as om 'n mens se kop teen 'n klip te stamp. (Brief verkort. – Red.)



NBI nehemiah bible institute

Nehemiah Bible Institute

EMPOWERING CHURCH LEADERS FOR MINISTRY THROUGH DISTANCE LEARNING

Practical
Affordable
Africa focused
Accredited

Please SMS or WhatsApp on 062 887 4047
nbi@bmedia.co.za
021 864 8258
www.nehemiah.co.za

Anandie Greyling en Marileen Steyn kyk na die nuutste navorsing in teologie en vra: so what? Kontak Anandie by anandiegreyling@gmail.com en Marileen by marileen.steyn@gmail.com



Anandie gesels met STÉPHAN VAN DER WATT

Wat sê die kruis vir Christenmans oor hulle manlikheid

Stéphan van der Watt gesels met Anandie Greyling oor die diversiteit en Christelike spiritualiteit van manlikheid.

“Daar is nie net een uitdrukking van manlikheid nie,” sê dr Stéphan van der Watt in ’n onlangse onderhoud aan *Kerkbode*. Manwees, verduidelik hy, word op verskillende maniere uitgedruk en uitgeleef vanweë verskillende kontekste en ervarings. Van der Watt het reeds in 2007 sy doktorsgraad aan die Universiteit Stellenbosch verwerf met die proefskrif getiteld *Images of men and masculinities within cultural contexts: A pastoral assessment*.

Van der Watt meen dat massamedia, insluitend films, tydskrifte, TV-programme, musiekvideo’s en sosiale media, sekere oortuigings en inligting na ons toe laat aanrol oor wat dit oënskynlik beteken om ’n man te wees. Hy begin

met ’n analise van tydskrifmedia, spesifiek die voorblaaie van *Men’s Health Magazine (MHM)*, in sy doktorsstudie en analiseer dit vir nog vyf jaar daarna. Hy bespreek later 123 *MHM*-voorblaaie, oor ’n tydperk van 10 jaar, in ’n navorsingsartikel, getiteld ‘*BIG, HARD and UP! A healthy creed for men to live by?*’ Vanuit hierdie analise, sê hy, staan die ideaal van die man as ‘seksuele kampioen’ uit en tweedens die gespierde, ‘perfekte’ liggaamsbou. Mans word gebombardeer met die beelde en onderbou van patriargale ideale dat hulle “goed in die bed moet wees” en tweedens “die perfekte liggaamsbouer” moet wees. Die dilemma, aldus Van der Watt, is dat ’n bitter klein persentasie van mans by daardie ideale kan uitkom. Hy verduidelik verder dat *MHM* nie noodwendig ’n diversiteit van ervarings van manwees vanuit verskillende klasse, rasse, ouderdomme, sosiale groepe en dies meer in ag neem nie. Om nie eens te praat van mans met fisiese gestremdhede nie. Die onvermoë om aan hierdie ‘manlike’

ideale te voldoen het ook newe-effekte op tienerseuns, ’n negatiewe liggaamsbeeld en angs op ’n seksuele terrein.

Hoe kan ons teologies hieroor besin? Van der Watt trek dit deur na die kruis en opstanding: “Wat sê die kruis en opstanding vir my, as man – as ’n Christenman spesifiek – oor my kernidentiteit?” Die kruisgebeure, verduidelik hy, kom wys, in die vreemde logika (wysheid) van God, dat mag prysgegee moet word (1 Kor 1). “Die beeld van Christus se ontleding aan die kruis is ’n kontra-beeld”, sê Van der Watt, “teenoor die magsbehepte samelewing waarbinne ons woon.” Die boodskap van die kruis staan lynreg teenoor die manlik gedomineerde magsvergrype van die samelewing (Fil 2).

“So what?” vra ek? Van der Watt se taal is deurgaans in die onderhoud inklusief. As ons spesifiek gender bepaald of op manlikheid fokus, sê Van der Watt, is die uitdaging veral vir die meeste mans om die mag wat hulle het – hetsy finansieel, sosiaal, polities, verhoudings-

matig – altyd krities te beskou en vanuit die kruis te dink en te reageer. Hy sluit geslagsgebaseerde geweld by hierdie gesprek in en verwys na Jesus se voorbeeld van prysgawe. Die uitdagings aan mans gaan wees om altyd te vra: Hoe raak ek bewus van die mag in ’n verhouding? Gee ek my mag prys? Of misbruik ek dit deur te domineer of deur ’n tipiese patriargale styl te handhaaf?

Wat van goeie Christenmans wat in hulle huis domineer en onderdruk vanweë hulle verstaan van die Bybel? In sy proefskrif het hy geskryf oor die ontmaskering van hierdie tipe bewegings en ideologie. Hy sê dit is ’n selfgerigte ideologie en fokus op die mag wat mans rondom hulleself sentreer, terwyl die kruis ’n kontrabeeld van opoffering en diens is. Van der Watt verduidelik dat wanneer mag, enige vorm van mag – en hierby sluit hy die mag wat vroue het, in – misbruik word vir eie gewin, moet ’n Christen introspeksie toepas. Waar nodig dan bely en om vergifnis vra.

Jesus het ’n menslikheid en manlik-



Marileen gesels met CAS VOS

Beeldspraak, metafore en ‘om die smaak van God in die

Metafore is nie net vir letterkundiges bedoel nie, sê die teoloog, digter en vertaler Cas Vos aan Marileen Steyn. Dis vir elke gelowige wat oor God nadink.

Verbeel jou ’n tafel vol geregte. Proe die pampoen, die skaapvleis, die rys, daardie sous. En dan moet jy kies: Wat gaan jy in jou bord skep? Hoe gaan jy skep van dit wat voor jou is om ’n koningsmaaltyd te vorm?

Dit is hoe prof Cas Vos oor taal en tekste praat. Oor die woorde wat uitgesprei op ’n tafel lê vir ’n digter, ’n prediker, ’n gelowige, ’n mens om van te kies. Woorde is die disse wat sinne verbind in metafore, ironie en retoriese strategie om die taal te vorm waarmee ons ons wêreld beskryf, waardeur ons droom.

Dit is wat metafore doen: Dit help die mens om te verbeel. “Metafoor is die verbeeldingsvonk. Dit is die vonk in die hand van die digter wat aan die brand steek en lig gee,” verduidelik Vos. “Dit leer ons om met verbeelding te dink, te lewe en om te droom oor die nuwe hemel en aarde.” Vos beskryf die mens as visioneel. As sintuiglik. Met groot respek waag hy die stelling dat dit deur metafore is wat ons “die smaak van God in ons mond kry”.

Hy verwerp taal wat onderskeid tref tussen die transendente (bo en buite) en die immanente (tussen ons). “Nah-ah,” sê Vos. “God is nie op ’n solder nie.” Hy praat dan van die poreuse werklikheid – ’n metafoor vir die ‘gate’ waardeur God konstant beweeg om deel van ons wêreld te wees.

Een van die belangrike elemente van

metafore is om te weet dat daar altyd ’n “is” en ’n “is nie” in ’n metafoor lê. God *is* die standvastige Rots, maar God is nie ’n rots nie. God *is* die Goeie Herder, en tog is God geen herder nie. God *is* die beskermende moeder van Psalm 91, maar so ook beteken dit nie dat God ’n vrou is nie.

Te midde van hierdie “is” en “is nie” lê die realiteit dat die mens nie oor God, die Onsiensbare, kan praat sonder om in metafore te praat nie. Ook kan God nie net deur een metafoor verduidelik word nie, maar eerder deur ’n ryke verskeidenheid van sprankelende metafore – metafore wat “flonker en flikker en glans”. Die tema van lig kom sterk uit wanneer Vos oor metafore praat. “Metafore wil nie verduister nie,” sê hy, “maar verhelder ... Dit is nie selfsugtig nie, maar deursigtig.”

Daarom kan daar nie gepreek word sonder om metafore te gebruik nie. Dit gaan nie net daarvoor om intellektueel iets van God te kan verstaan nie, maar ook emosioneel. “So kan en moet ons oor God dink en praat.” Dit is taal wat in die kerk hoort, “máár,” benadruk Vos, “ook buite die kerk. Mense wag om meer van God te sien.” Só word die gebruik van metafore ’n getuienis. “Metafoor help ons om troos te ervaar *en* te gee. Om te skink *en* te drink.”

Is ons egter beperk tot Bybelse metafore? Totaal en al nie. Vos verwys dadelik na Van Wyk Louw se aangrypende metafoor van Jesus wat as die “Visarendjie van God, in ons benoude vlees val”. Mense se metafore vir God gaan natuurlik verskil. Vos erken dit en maan: “Wees geduldig met ’n ander wat ander metafore gebruik, want die

Hierdie skrywes word aangebied in samewerking met en met ondersteuning van die Taakspan vir Teologiese Navorsing (Wes-Kaap).

heid uitgeleef wat heel anders was as die mans rondom Hom. Hy gee baie keer vir vroue voorrang en maak plek vir kinders. Dit is 'n andersoortige menswees wat Hy uitbeeld binne daardie patriargale kultuur. Ironies genoeg, gee Hy sy mag op, *juis* as man. Dit bied 'n uitdagende werklikheid vir alle mense.

Hy verwys na die krag wat lê in die opstanding as die "vitaliteit van die nuwe lewe wat deurbreek". Christus se opstanding bevestig God se hoopvolle trou in ons beliggaamde lewe. Hy meen dat dit vars dimensies oopsluit van ons verstaan van manlikheid, soos om byvoorbeeld te mag fokus op die opbou van gesonde liggame. Christus se opstanding motiveer ons ook om op te staan teen onreg, bv magsmisbruik. Hy beskryf 'n Christelike spiritualiteit van manwees as "die moed om weerloos te wees en mag prys te gee". Om nie die hele tyd jousef te moet bewys, te doen of presteer soos die media op die voorgrond hou nie. Dit is die spiritualiteit wat voortkom uit die kruis en opstan-



Dr Stéphan van der Watt

ding. Dit is die radikale aflê van mag, maar ook bevestiging van nuwe lewe en 'n hoopgewende, dinamiese verstaan van manlikheid (en vroulikheid).

● *Dr Stéphan van der Watt is voltydse dosent van Pastorale Teologie en Sorg by Kobe Reformed Theological Seminary, waar hy in Japannees doseer sedert 2016. Hy was 'n leraar van die NG Kerk in Suid-Afrika en voorheen betrokke as projekbestuurder en navorsers by Communikasie, sowel as by teologiese opleiding aan die Fakulteit Teologie by die Universiteit Stellenbosch. Hy is sedert 2009 deel van Missie Japan en die NG Kerkfamilie se getuieniswerk in Japan (www.missiejapan.co.za).*

► *Ds Anandie Greyling is jeugwerker by Pierre van Ryneveld Geloofs familie.*



Prof Cas Vos

sinnig wees nie. Ons moet presies weet wat ons sê.

Ons gesprek eindig met woorde geïnspireer deur Dante se *Inferno* wat Vos pas uit Italiaans na Afrikaans vertaal het: "Metafore is om die sterre te sien, om lig te sien, om God te sien. Om na God te luister, om tot verstaan te kom en om tot aanbidding te kom."

● *Prof Cas Vos se eietydse vertaling en eie liefdesgedigte verskyn vandeemaand by Naledi onder die titel Onder die vlerke van jou liefde.*

► *Ds Marileen Steyn is jeugleraar by NG Saldanha.*



GASRUBRIEK

God se aksent

FRANCINE PRINS

Vriende van my was baie verontwaardig toe hulle vyfjarige seuntjie met 'n vreemde aksent begin praat het. Dit was eers subtiel, maar naderhand 'n volwaardige aksent. Hy het soos sy ma en pa gelyk. Hy het hulle naam gehad. Maar daardie aksent!

Die ouers was egter nie verras dat hulle seuntjie met die vreemde aksent gepraat het nie, want al sy maatjies het dié spesifieke tongval gehad. Dit is immers die aksent wat hy die meeste gehoor het.

Die Amerikaanse teoloog, John Piper, vertel dat hy grootgeword het in 'n kerkgemeenskap waar hulle buitengewoon baie Bybel gelees het. "Ons het die Woord so baie gehoor dat ons die klank van valsheid 'n myl ver kon hoor," vertel hy. "Ons kon nie altyd dadelik ons vinger daarop plaas nie, maar omdat ons die Bybel so goed geken het, kon ons hoor as iemand se woorde nie strook met dit wat ons so gedurig gehoor het nie."

Oral in die Bybel hoor ons die skrywers praat oor die woorde wat uit God se mond kom. Dit is 'n gereelde tema in verskeie Bybelboeke.

Die immerbekende skeppingswoorde in Genesis. God het *gesê*: "Laat daar lig wees!"; en dit was so. Die radikale woorde van Johannes oor die Woord wat 'n mens geword het. Die Woord wat so naby gekom het dat sommiges aan Hom kon vat, en saam met Hom kon eet.

Hierdie Woord-wat-naby-gekome het se woorde dra 'n ewigduerende gesag. Ons lees dat Hy alles met betrekking tot die mensdom se redding en verlossing bewerkstellig en dit ook

in stand hou – met sy woorde (vgl Hebr 1:3).

Ons hoor ook van dieselfde soort gewigtige gesag wat God se woorde dra wanneer Jesaja in hoofstuk 55 vers 11 daarvoor praat: "dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het."

Ons lees van God se woord wat lewend en kragtig is, wat die klank het soos van baie waters wat druis. Van sy woord waarin niks vals is nie – "dit is soos silwer wat oor en oor in 'n oond gesuiwer is" (Ps 12:7). God se woord is suiwer, dit is volmaak en helder, dit gee insig. Dit is skerp en dring diep in.

Die Bybelskrywers en veral die Psalmdigters help ons oor en oor om die woord van God te hoor, om die aksent daarvan te herken. 'n Tongval so uniek dat dit 'n lewe en 'n gesag van sy eie het.

En soos met die meeste aksente, gaan dit ook met God s'n. Hoe meer ons dit hoor, hoe groter is die kans dat ons met daardie aksent sal begin praat.

Ek vang myself te gereeld dat ek met die aksent van my gunstelingskrywers of my Facebookvriende praat. Hoe sou dit tog wees as ek my ore nie soveel uitgeleë het aan vreemde aksente nie? Maar eerder myself toespits om daardie volmaakte aksent aan te leer van die Een vir Wie, tot Wie en uit Wie alle woorde ontstaan.

► *Francine Prins is LiG-tydskrif se redakteur en verantwoordelik vir LiG se sosiale media en aanlyn gemeenskap. Sy is ook die skrywer van 100 dae van dankbaarheid, 'n dagstukkiedboek.*

“En soos met die meeste aksente, gaan dit ook met God s'n. Hoe meer ons dit hoor, hoe groter is die kans dat ons met daardie aksent sal begin praat.”

e mond te kry'

liefde is geduldig.”

Hoe gedink dan oor die taal van manlikheid en vroulikheid as dit by God kom? Ook dit, maak Vos duidelik, is nie taal van wie God is nie, maar taal van wat God doen. Dit bly metafore. "Manlik en vroulik is nie 'n baie slim onderskeid as dit by God kom nie ... Laat ons God ervaar as God en Here en nie verstrengel raak in klein denkpatrone nie en dat God self sê wie Hy is. Hy is God en nie 'n mens nie."

Hierin lê 'n groot geskenk: in die besef dat metafore nie net ons beperkte pogings is om God te sien nie, maar dat dit ook die manier is waardeur God Homself aan ons bekendmaak. Tog maan Vos dat hierdie metaforiese openbarings steeds met verwondering en misterie gepaard moet gaan. Ons keuse van metafore vir God kan ook nie on-



Neels Jackson, hier afgeneem in 2018 in Jackson se destydse kantoor in Pretoria toe hy as redakteur van *Kerkbode* gewerk het. Besoek *Kerkbode* se Facebook-bladsy vir 'n video-onderhoud met Jackson. Foto: Le Roux Schoeman

NG Kerk: 'Kleiner, verder van mag ... gesonder'

Die NG Kerk het minder mag, minder lidmate én is "gesonder" as toe Neels Jackson dertig jaar gelede kerkvergaderings en sinodesittings as joernalistieke "beat" gekies het, vertel hy aan Le Roux Schoeman.

Neels Jackson het gaan sit en probeer om die storie van die NG Kerk te vertel. "Dit gaan nie oor my nie, dit gaan oor wat ek sien gebeur het," vertel Jackson onlangs via Microsoft Teams tydens 'n bekendstellingsgesprek, gereël deur Lux Verbi, sy uitgewer.

Drie dekades van verandering: Die NG Kerk se pad na verruiming is sowat 285 blaaie, opgedeel in 13 hoofstukke afgewissel met kort pensketse van interessante rolspelers in die kerk om die hele ding 'n bietjie te vermenslik – 'n deurlopende professionele ambisie by Jackson.

Die boek is opgedra aan sy vrou Louise en hy skram nie weg van staaltjies uit sy persoonlike geloofsontwik-

keling nie. Maar dit is oorwegend opkantor-Neels aan die woord: Daar's skerp verslaggewing, dan's daar toeganklike geskiedskrywing en dan is daar "sense-making". Laasgenoemde is sy hantering van teorie, raamwerke en aannames wat – bewustelik of onbewustelik – 'n groot invloed het op hoe verandering en stagnasie in hierdie kerk met haar meer as 1 000 gemeentes en tien streeksinodes beleef word. (Vra hom gerus 'n slag om paradigmatkuiwe aan die hand van die sosioloog Everette Rogers se werk te verduidelik.)

Die kernwoord in die titel is *verandering*. Daaroor sê hy: "Terwyl (die NG Kerk) 'n groot suksesvolle kerk was, was dit op 'n manier ook 'n baie siek kerk," verduidelik hy. "In die dertig jaar (wat



die boek dek) was daar baie veranderinge en in baie opsigte verbeteringe.” Jackson gee toe sy professionele perspektief oor die jare bepaal sy insigte: “Ek was in die baie bevoorregte posisie dat ek die kerk van baie kante kon sien. Ek het al die algemene sinodes sedert 1990 bygewoon,” sê hy en voeg by dat hy ook ten minste een keer by elke streek-sinode se sitting was (behalwe Namibië s’n). So, hy het byna weergalose voetsoolvlakervaring en institusionele geheue – hoewel vanuit die persgalery.

Hoekom is Jackson positief oor ’n kerk wat – suiwer in handelsmerkterme gesien – vir vele prominent gebly maar troebel geword het? ’n Denominasie waarin strydvermoeides haastig verby die soveelste berig oor teologiese verskille *scroll* terwyl sommige fanatici getrou bly aan die definisie van dié soort, naamlik dat ’n mens hulle nóg van standpunt nóg van onderwerp kan verander. Jackson sê: “Ek verstaan dat die kerk in 1990 en vroeër op ’n manier ’n baie siek kerk was. Die NG Kerk was be-

of karige bankbalanse. Die kerk se lidmaattalle glip jaarliks – rits selfs afwaarts, in sommige gevalle. En die NG Kerk het kennelik deesdae ’n ander soort invloed en beeld na buite. Jackson dink só hieroor: “Die kerk was ’n noue vennoot van die Nasionale Party ... het baie naby aan die mag beweeg. Die kerkleiding was gewoon om van bo na die samelewing te kyk met ’n soort van beheer-en-heers benadering. Nou is al daai mag weg. Die omstandighede van die land het dit eenvoudig van die kerk weggevat. Die NG Kerk het weinig invloed by die regering ... maar wat die NG Kerk toe in die plek daarvan ontdek het, is die diensknegbenadering wat eintlik in die hart van die evangelie lê.”

Kyk ’n mens na die afname in NG Kerk-lidmate oor die jare, sou ’n mens kon sê om skielik getalle te problematiseer is gewoonlik ’n voorspelbare strategie van instellings wie se getalle sleg lyk. So Jackson se redenasie oor hoekom die kerk, wat in 1990 sowat 1,4

like sondebelydenis oor rasse-ideologie. “Dit was baie belangrik dat die NG Kerk raakgesien het dat sy verkeerd was. Dit was nie maklik of eensklaps nie en is nie volledig voltrek nie. So, die bekering wat die NG Kerk deur is, was ’n belangrike ding,” sê Jackson met sy kenmerkende erns, effe vooroor gebeur by sy rekenaarskerm.

As ’n mens na Jackson se eie verstaan van verandering luister, herinner dit aan daai boggelrug “adoption curve” waarmee nuwe tegnologie se aftrek dikwels uitgebeeld word: Die groepie wat vroeg uit die blokke is. In hierdie geval: Eerste uitroep dat apartheid sonde is (in verbruikersterme: eerste die nuwe iPhone koop). Dan die gros in die middel. Dan die sogenaamde “late adopters” ... Dié wat in stryd is met die tendens en wat ook nie noodwendig hulle by die skuiwende konsensus sal aansluit nie. Wat apartheid betref, was die voorlopers mense soos prof Ben Marais en dr Beyers Naude, herroep Jackson. “Later proff Willie Jonker en David Bosch ... en mettertyd het dit ’n beduidende maar groeiende minderheid geword. En ons het dit byvoorbeeld gesien in 1982 toe 123 gelegitimeerdes van die NG Kerk die ope brief onderteken het waarin hulle hulle uitspraak teen apartheid terwyl dit die amptelike standpunt was ... Die golf was aan die kom. Daai golf groei tot hy breekpunt bereik – tot die kritiese massa skuif. Tot dit die meerderheid word wat sê apartheid is nie meer die regte ding nie. Dit het in 1986 gebeur met die aanneming van *Kerk en samelewing* met daai sleutel-frase daarin ... die “NG Kerk is oop ...”

Dit mag eenvoudig Jackson se *brand* van bedaarde kundigheid wees wat soms ’n bietjie aan ’n terapeut of lankmoedige Sondagskoolonnie herinner, maar ’n mens tel iets van ’n noodwendigheid by hom op wanneer hy oor groot verandering praat. Asof dit eenvoudig sál ... Waar of nie? Hy verduidelik fyner wanneer ’n mens hom hieroor pols: “As verandering kom, dan daal die vrede nie neer nie ... dan bars die geveg los. Dan is die ouens wat skielik in die minderheid is op hulle agterpote en die konflik op sy ergste. Maar mettertyd bedaar die konflik. Tot daar net enkeles oorbly wat nog op ’n ou manier dink.” So dink hy ook oor selfdegeslagverbin-tensse. “Die konflik is nou op sy ergste. Maar oor 30 jaar gaan ons terugkyk en sê waaroor was al die bakleiery?” meen hy.

Jackson tob oor ’n volgende boek. Sy laaste paar jaar as voltydse joernalis was by *Kerkbode* ná ’n stewige kolfbeurt by *Beeld*. Nou wil hy skryf oor een van twee onderwerpe. Hoe om die Bybel te lees. Of hoe om die stokperdjie van voëlskyk te betree (albei soms intimiderende aktiwiteite).

Ek merk op dat sy nuwe boek nogal *grudge*-vry is en sit en dink by myself dat die skrywer selfs in die Teams-onderhoud nie die opvlieënde liggaams-

taal het van iemand wat geweldig op-gewerk is oor enige van die sogenaamde bekgevegte in die kerk nie. “Ek het vir myself gesê toe ek klaar gemaak het by *Kerkbode*, ek wil nie suur wees nie. Daar was genoeg waaroor ’n mens ontsteld sou kon wees of aan die groot klok kon hang, maar ek het ’n doelbewuste besluit geneem dit help my nie. Ek dink nie dit help die kerk uiteindelik nie,” vertel Jackson.

As iets van ’n aartsjoernalis uit die koerantdae van weleer, is Jackson nie prekerig nie. Maar dit is dalk ’n beroepsgevaar van dekades tussen dominees en allerlei vromes beweeg, dat ’n preek nooit ver is as ’n mens hom ’n bietjie laat praat nie. “As Jesus vir sy dissipels verduidelik oor die koninkryk van God en twee van hulle kom by Hom en sê, kan ons aan die regterhand en linkerhand sit as jy die koninkryk gaan herstel, dan sê hy: by die nasies werk dit so dat die nasies baas speel oor hulle mense, maar by die koninkryk van God werk dit nie so nie. By die koninkryk van God, dien ons mekaar. En dis daai ding wat die NG Kerk ontdek het.”

Toe Jackson sy eie Christen-geloof wou verstaan het hy die boek Markus gaan lees (“daar het vir my ’n prentjie oopgegaan van twee soorte godsdiens, dié van die Fariseërs en dié van Jesus ... en dit het wye implikasies”). Wanneer hy joernalistiek aan iemand verduidelik klink dit so: “Ek het geleer (’n joernalis) moet luister.”

Dit is op hierdie punt dus verrassend – aanvanklik verregaande – om jou te verbeel jy kan iets van Hunter S Thompson in Neels Jackson se trant hoor. Wyle Thompson het persoonlike belewenis voorop gestel in wat weldra Gonzo-joernalistiek gedoop is. Hy’t geheel tussen Amerika se randfigure én magshongerers. Bikers én politieke kandidate. En hy was die tipe karakter wat die veelkantige tydsgees van die hippie-era kon raakvat. Só skryf hy in 1971 in *Fear and loathing in Las Vegas*: “So now, less than five years later, you can go up on a steep hill in Las Vegas and look West, and with the right kind of eyes you can almost see the high-water mark – that place where the wave finally broke and rolled back.”

Terug by Neels, voor sy komperskerm in voorstedelike Pretoria. ’n Rustige man met langtermyn stokperdjies en ’n diep erns oor die lewe. Dis kwalik ’n Thompson-eske persona wat ’n mens by Jackson aantref. Maar iets van Thompson se sogenaamde “wave speech” in die aanhaling hierbo eggo in Jackson se boek. Jackson het die brander van wit mans se mag in die NG Kerk sien bou, breek en terugrol. Hierdie boek bevat sy “wave speech”. In hom het die leser ’n immer-matige Thompson wat sy *beat* verbete gedek het en sy storie vertel.

- Koop die boek hier: <https://eshop.bybelmedia.org.za/>

“Die kerk was ’n noue vennoot van die Nasionale Party ... het baie naby aan die mag beweeg. Die kerkleiding was gewoon om van bo na die samelewing te kyk met ’n soort van beheer-en-heers benadering. Nou is al daai mag weg. Die omstandighede van die land het dit eenvoudig van die kerk weggevat.”

soedel met mag. Daar was ’n baie sterk kulturelement aan die kerk,” verduidelik hy. Lidmaatskap was soms nie uit geloofsoortuiging nie. “Terwyl daar deesdae geen rede is om aan die kerk te behoort behalwe uit oortuiging nie.”

Jackson beskryf hierdie as ’n positiewe wending en meen dit gaan gepaard met ’n teologiese skuif weg van die kerk se “verskraalde evangelie wat gegaan het oor persoonlike bekering ...” Die NG Kerk waarin Jackson grootgeword het was “vasgevang in ’n ideologie van ‘ons,’” vertel hy. “Terwyl die evangelie nie gaan oor ons nie, dit gaan in ’n groot mate oor ander,” verduidelik hy.

Ander aspekte van verandering is meer voor die hand liggend: leë banke

miljoen lidmate op die boeke gehad het, nou eerder kwaliteit as kwantiteit meet (ek parafraseer), sal nie almal oortuig nie. Maar kom ons stel die skrywer self aan die woord: “In my kop het ek eintlik lankal opgehou om aan die NG Kerk te dink as ’n groot en magtige kerk, selfs as ’n hoofstroomkerk,” skryf hy op bl 269. “My gevoel is dat meelewende NG lidmate ’n minderheid onder wit Afrikaanse mense is, dalk selfs ’n kleinerige minderheid.”

Die groot storie binne die storie is die NG Kerk se afskeid van apartheid. Hoofstuk 2. As daar iets is wat illustreer dat kerke se besluite stadig soos suurdeeg en nie eensklaps soos skakelaars werk nie, is dit hierdie “reis” wat leiers en lidmate onderneem het na uiteinde-



Deeglike werk slaag in doel om gesprek te stimuleer

Die kerke in Suid-Afrika, Covid-19 en die toekoms: 'n Praktiese werkboek as rigtingaanduider vir die toekoms, vir gebruik by groeps gesprekke in die gereformeerde kerke, maar ook alle ander kerke in Suidelike-Afrika deur HOFFIE HOFMEYR, RIKUS FICK, FRIKIE LABUSCHAGNE en NICO BOTHA (redakteurs)

Uitgewer: CLF, 2021

Resensent: Rethie van Niekerk

Die kerke in Suid-Afrika, Covid-19 en die toekoms is 'n praktiese werkboek, in Afrikaans en Engels gratis beskikbaar by CLF se webwerf. Dit begin met kleingroepstudies, gevolg deur riglyne vir gebruik, waarna 'n paar baie kort gedagtes vir moontlike preke gegee word. Daar is ook skakels na video's.

Die soms pedantiese skryfstyl, gebrek aan onderlinge kohesie en eksklusiewe taalgebruik kan sturend wees. Gegewe die betrokkenheid van kerkhistorici, sou 'n mens graag meer wou lees van hoe die kerk in die verlede globale of nasionale krisisse hanteer het.

Tog is dit 'n handige bron vir gemeenteleiers. Ten spyte van die kleiner punte van kritiek, slaag die werk in die doel om gesprek te stimuleer. Die bydrae oor versoening en geregtigheid belig wat ongelukkig vir baie kerke 'n blindokol is. Ook die vinnige verwysing na kerke wat nie net elektronies raak nie, maar ook privaat, is 'n belangrike insig vir kerkleierskap om van kennis te neem.

Hierdie werkboek is 'n uitvloeisel van navorsing oor die *Vier gereformeerde kerke in Suid-Afrika 1990-2020*. Hierdie uitgawe van die *Stellenbosch Theological Journal* – Vol 6 No 3 (2020) – is ook gratis by <https://ojs.reformedjournals.co.za/stj> beskikbaar. Dit ontsluit die werklike krag van *Die kerke in Suid-Afrika, Covid-19 en die toekoms*. Dit sal die leser loon om albei boeke saam te lees, eerder as net die werkboek. Veral Hoffie Hofmeyr se “slotakkoorde” maak onder punt 4 'n belangrike bydrae tot die gesprek oor kerkwees onder Covid-19.

Spangenberg se nuutste is geensins slegs vir kinders

Bybelstories in perspektief deur SAKKIE SPANGENBERG

Uitgewer: Naledi, 2020

Resensent: Gerhard Bothma

Rondom die publikasie van *Die Bybel: 2020-vertaling* is dikwels opgemerk dat ons kennis oor die Bybel en die tekste wat daarin saamgebundel is veral gedurende die vorige eeu aansienlik toegeneem het.

Voor en ná die onlangse Marslanding het gesprek oor nuwe inligting oor die uitdyende heelal en ons deelname daaraan opnuut opgevlam.

Die tempo waarteen kennis toeneem is duiselingwekkend. Om met integriteit met verworwe kennis om te gaan is inderdaad 'n groot uitdaging. Tog bly dit ons roeping.

Veral daarom is *Bybelstories in perspektief* 'n tydige en belangrike publikasie.

Die skrywer voorsien lesers van 'n keurige Afrikaanse taalregister vir deelname aan gesprek oor wetenskaplike velde soos geologie en paleontologie. Hy slaag daarin om 'n magdom inligting weer te gee in 'n styl wat lekker lees. Aangesien dit toepaslik en met voorbeelde aangebied word, is dié inligting uit dit wat ons alreeds weet besonder informierend vir gesprek oor die kosmos én die Bybel.

Die boek bevat veertien stories. Elke keer word twee vertellings – waarvan een uit die Bybel kom – op mekaar betrek en tersaaklike inligting en perspektiewe daarop aangebied. Dié vertellings gaan oor (1) die plat aarde en die ronde aarde,

(2) die jong aarde en 'n baie ou aarde, (3) sewe dae en miljoene dae, (4) twee mense en 'n tuin en baie mense en 'n kontinent, (5) reuse mense en reuse reptiele, (6) 'n groot uitwissing van lewe en vyf groot uitwissings van lewe, en (7) die son wat stilstaan en die draaiende Melkweg.

Die inligtingsblokke, sketse en foto's, asook die leeslys is waardevol.

Hoewel die teikengehoor kinders van twaalf jaar en ouer is, word dié publikasie wat lesers sal begelei tot 'n beter verstaan van die Bybel én 'n beter verstaan van die natuurwetenskap, van harte aanbeveel. Vir ten minste ouers, onderwysers en hoërskoolkategete is dit 'n moet-lees.

► *Dr Gerhard Bothma is praktiese teoloog en entrepreneur-predikant. Hy woon in Pretoria.*

Reeks: Nou takel Siegfried Louw angstigheid via koddige karakters

Ben en die drakie deur SIEGFRIED LOUW

Uitgewer: Bybel-Media, 2021

Resensent: Rethie van Niekerk

Kerkbode het vroeër vanjaar berig oor dr Siegfried Louw se boek *Die klip in Lisa se borskas*, waarin hy kinders en volwassenes help om te dink oor die dood van 'n geliefde.

In *Ben en die drakie* pak Louw die netelige onderwerp van angstigheid.

Louw vertel 'n lekkerlees-storie wat kinders se verbeelding sal aangryp en hulle intrek in die karakters se lewe. Kinders kan hulle inleef in die storie, terwyl hulle so tussen die speel-speel lees en luister, leer om angstigheid te identifiseer en 'n naam te gee. Hulle leer dat en hoe 'n

mens se lyf reageer op angstigheid. Sels die waarde van angstigheid word bevestig. Saam met Ben leer hulle eenvoudige, praktiese, doenbare tegnieke om angstigheid te bestuur.

Hoewel Ben sy drakie oorwin, is daar steeds die kalm erkenning dat Drakie weer sal kom kuier. “Maar dit maak nie saak nie. [Ben] is besig om vir Drakie mak te maak.”

Die moeilike werklikheid van angs word erken. Dit word nie weggepraat of geminimaliseer nie. Tog word kinders bemaagtig om ook hulle angs “mak te maak”.

Daar is ook 'n derde (hopelik nie finale!) boek in die reeks: *Kolle en die gif*. In hierdie aflewering loop Lisa en Ben deur onder boelies, maar leer met be-

hulp van hulle hond Kolle dat liefde sterker is as bangwees.

Louw se teoretiese kennis en praktiese ervaring as spelterapeut is dwarsdeur hierdie reeks duidelik sigbaar. Ek kan hierdie boeke nie genoeg aanbeveel nie.

Ben en die drakie en *Kolle en die gif* is ook beskikbaar in Engels en sal eersdaags beskikbaar wees in isiXhosa en Sesotho. Bybel-Media het selfs vir die karakters hulle eie webwerf gemaak. By <https://eshop.bybelmedia.org.za/ligland/> kan jy die karakters ontmoet, patrone aflaai om jou eie Ben- of Lisa-pop te maak en een van die dae ook inkleurprente kry.

► *Ds Rethie van Niekerk is predikant van Blouwaterbaai Familiekerk in Port Elizabeth.*



Die klip in Lisa se borskas
Lisa se kleurryke storie met die baie fasette is spesiaal geskryf vir alle kinders (jonk en oud) om hulle te help om die dood te verwerk. Dit is 'n storie wat sê die liefde is altyd sterker as die dood.

My storie

En wie versorg die versorgers?

Covid-19 en die inperkingsmaatreëls het ons opnuut herinner hoe belangrik die werk van versorgers/verpleegkundiges is. 'n Oud-verpleegkundige en dosent het met CONETTE LE ROUX gesels oor die belangrike eienskappe waarom dié versorgers moet beskik en hoe sy haar passie om versorgers te bemagtig steeds uitleef.

Wanneer jy die 75-jarige Huibrecht McDonald vra watter eienskap kan 'n verpleegkundige of versorger eenvoudig nie sonder nie, onthou sy die woorde van 'n mentor: "Iemand wat nie deernis met siekes het nie, moenie verpleging of versorging as beroep kies nie."

Dié oud-verpleegkundige dink toe skielik terug aan 'n destydse storie op TV oor die ongelooflike deernis van 'n kleindogter vir haar siek ouma wat haar vandag steeds bybly. "Die houtbord was 'n TV-verhaal wat 'n groot indruk op my gemaak het. Die ouma was al oud. Sy kon nie meer so goed sien of hoor nie. Sy kon nie meer so netjies eet nie. Sy het iets maklik laat val sonder dat sy dit so wou. Maar haar kleindogter was grensloos lief vir haar. Sy het graag na al haar ouma se stories geluister selfs al het sy dit al dikwels gehoor. Die ouma se dogter daarenteen moes immers jaag om by die werk te kom of inkopies te doen. Gevolglik was sy maar ongeduldig met die ouma. So skaf sy toe 'n houtbord aan vir die ouma om uit te eet. Dan kan dit mos nie breek as ouma dit laat val nie. Uiteindelik sterf die ouma. Die kleindogter is ontroosbaar hartseer. Maar haar ma is eintlik half verlig. Toe hulle Ouma se kamer uitsorteer en by die houtbord kom, sê die ma die kleindogter kan dit maar weggooi. Hulle het dit nou nie meer nodig nie. Maar die kleindogter antwoord: 'Nee, gee dit vir my. Ek wil dit bêre. Ma gaan ook mos oud word.'

"Ja, ons gaan almal oud word, nê?" sê Huibrecht, wat opgelei is as verpleegkundige, op haar sagte manier vanuit haar huisie in die Groenkloof-aftreeoord op George via 'n Zoom-gesprek.

Huibrecht, wat jare klasgee het vir verpleegkundiges, verduidelik "deernis" beteken om innig jammer vir siek

mense te voel. "n Omgee wat op dade uitloop, vir die bemoediging, gesondheid en geluk van die pasiënt, en waarmee jy met vrymoedigheid aan God reenskap sou kon gee," sê sy.

Huibrecht het na haar opleiding in sendinghospitale gewerk en ook verpleegpersoneel opgelei. Later het sy as geestelike werker onder verpleegpersoneel gewerk. Eers in die Transkei en later in Zimbabwe.

Sy het ook 'n boek saam met medeskrywers – onder meer 'n matrone, dokters, 'n gesondheidsvoorligter, teoloë en die plaaslike predikant – op haar kerfstok. Die boek *Helping people to good health* is in 1979 gepubliseer en het die belangrike lewensvrae waarmee 'n mens in die gesondheidsberoep te doen kry probeer beantwoord. Volgens Huibrecht is die boek daarna spesifiek vir verpleegstersopleiding gebruik en het sy dit baie jare later "met groot vreugde" by die Morgenstersendingstasie se opleidingshospitaal aangetref. Haar sendingman is in 1991 na die kweekskool by dié sendingstasie in die suide van Zimbabwe beroep.

"My groot passie is die bemagtiging van die versorgers. Terwyl die familie nie by hulle geliefdes kan kom nie, is die versorgers elke dag by hulle. Dink net hoe belangrik dit dan is dat hulle moet weet wat om te sê, hoe om te help. En hoe die versorger haarself moet versorg om gesond te bly," sê Huibrecht.

Na die McDonalds se aftrede op George is haar man in 2014 skielik aan 'n hartaanval oorlede. Haar verhuising in 2017 na Groenkloof-aftreeoord het nuwe moontlikhede gebring. Sy het as vrywilliger vir die versorgers van die oord begin "lesings" aanbied. Hiervoor het sy *Helping people to good health* sowel as nuwe bronne en navorsing gebruik met die hulp van ds Hannes Pretorius, die plaaslike predikant. Haar persoonlike verlies van haar man het gelei tot verdere inhoud vir opleiding. "Raad vir die treurende," het sy geskryf om treurendes deur hulle rouproses te lei. "Kwelvrae" poog weer om mense te help met die waarom-vrae soos: Waarom slegte goed met goeie mense gebeur?

En toe die inperking in 2020 aanbreek het sy dit "benut" deur 'n reeks lesse spesifiek oor geestesgesondheid te



"My groot passie is die bemagtiging van die versorgers," vertel Huibrecht McDonald, oud-verpleegkundige en dosent van George. Foto: Leonora van Tonder

skryf. Die vorige sorgeenheidsbestuurder by Groenkloof-aftreeoord het gehelp deur 'n lys vrae, wat die meeste deur versorgers en pasiënte by Groenkloof aan haar gevra word, vir Huibrecht te gee. 'n Mediese dokter en oud-dieetkundige, het die lesse met mediese inhoud nagegaan en nodige voorstelle gemaak. Sy vertel ook oud-verpleegkundige inwoners het waardevolle wenke gegee en die oord se bestuurder Michiel Burger het haar aangemoedig om die skryfsels te laat publiseer. Daarna het sy dit boonop in Engels vertaal en is die teks deur haar Engelssprekende buurvrou versorg.

Inperking het juis die belangrikheid van versorgers en verpleegkundiges opnuut beklemtoon. Volgens Huibrecht is die versorgingsoord waar sy woon se sorgeenheid "nog op slot" en is kontak met die buitewêreld nog beperk.

Daarom is geestelike versorging juis vir haar so belangrik. Vir Huibrecht is dié belangrikste lesing wat sy ooit vir verpleegkundiges gee oor die onder-

werp "Genesing begin by vrede met God". Dit vorm 'n hoofstuk in *Helping people to good health* en sy het dit intussen ook bygewerk. Sy vertel sy het self "jare met geloofsekerheid gesukkel" tot 'n prediker vir haar die nodige wysheid tydens 'n preek gegee het. Sy vertel: "Elke keer as ek bewus was van iets wat ek verkeerd gedoen of gesê het, het ek gedink: So, eintlik is ek nog nie 'n kind van God nie. Tot een diens waar die prediker 1 Johannes 1:9 gelees het: 'As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sonde te vergewe ...' Die woorde 'Hy is getrou' het meteens soos in letters van vuur verskyn en my onsekerheid eens en vir altyd laat verdwyn.

"Jare later op Morgenster in Zimbabwe kon ek dieselfde teks aanhaal vir ons tuinier wat sterwend was. Hy was nie seker of die Here hom sou kon vergewe nie al het hy nou al met soveel berou oor en oor bely. En ek kon hom verseker: 'You never need to doubt God.' Jy kan Hom vertrou."

Huibrecht se waardevolle lewenslesse

- Vertrou die Here al sien jy geen vrug nie.
- Die lewe gaan oor Hom, nie oor my nie.
- Dit gaan nie net oor dié lewe nie, daar is nog 'n lewe hierna.

VERSTAAN die Bybel In breekbare houers bewaar ...

FANIE CRONJÉ

As Suid-Afrikaners bevind ons onself in 'n land wat steier onder geweld, korrupsie, sosiale verval en ekonomiese agteruitgang. Mense verloor hulle werk, sien hoe hulle pensioene krimp, hulle kinders emigreer en hulle stede en dorpe verval.

Almal reageer nie dieselfde hierop nie. Sommige van ons dra by tot of doen mee aan byvoorbeeld korrupsie, geweld of sosiale verval. Ander neem aktief deel aan burgerlike organisasies of gemeenskapsprojekte om die agteruitgang te probeer teëwerk. Daar is ook diegene wat volstruistaktiek toepas of agter hoë mure 'n veilige, probleemvrye wêreld probeer skep.

In die jaar 597 vC gee Jojagin, koning van Juda, oor aan die Babiloniese koning Nebukadnesar. Die tempel en die stad word geplunder en Jojagin, die koninginmoeder, hooggeplaaste amprenare en ambagsmanne word saam met al die goud, silwer en van die waardevolste tempeltoerusting in ballingskap na Babel geneem. Die Babiloniese koning plaas Sedekia op die troon in

Jerusalem. Sedekia het egter weinig grond en mense om oor te regeer, terwyl hy jaarliks swaar belasting aan die Babiloniese koning moes betaal. Die verhaal in Jeremia 32 word geplaas teen die agtergrond van die Babiloniese beleg van Jerusalem wat vir 'n kort rukkie in 588/587 vC opgehef is, voordat alles in 586 vernietig is.

Daar is verskeie redes waarom Jeremia se neef 'n versoek om lossing sou kon rig (vers 7). Óf hy is in die skuld en staan op die punt om die familiegrond te verloor. Óf hy kan nie verder 'n bestaan op die grond maak na die Babiloniërs se plundering van die platteland nie en vlug nou ter wille van oorlewing na Jerusalem. Óf sy kinders is in die Babiloniese inval dood, of in ballingskap weggevoer en hy self is nie meer in staat om die familiegrond te bewerk of te behou nie.

Wat die werklike rede was, maak nie soveel saak nie. Wat baie belangrik is, is dit wat die verteller wil hê ons moet raaksien, naamlik dat Jeremia te midde van die Babiloniese leër se inval van Juda se grondgebied, hulle doodmaak

van die plattelandse mense en plundering van hulle opbrengste én hulle inval van Jerusalem, die hoofstad van Juda, die plundering van die tempel en die wegvoer van die koning en die mees vername mense, steeds 'n familielid in nood help.

In 'n oorlogssituasie, gestroop van alles wat vir die volk van die Here lief en dierbaar was en 'n uitsiglose toekoms, doen Jeremia steeds dit wat voorhande is. Ten aansien van geweld teen vroue en kinders, plundering van die grond, wegvoer van die land se leiers en die stroop van die simbool van die Here se teenwoordigheid, kom Jeremia dag vir dag steeds sy verantwoordelijkheid na. Jeremia ontken nie die hopelose situasie nie. In haglike omstandighede leef hy steeds diep bewus van die Here se teenwoordigheid en kom sy verantwoordelijkheid as lid van die gemeenskap na.

Jeremia gee opdrag dat die koopkontra as getuie van die Here se teenwoordigheid onder alle omstandighede bewaar word (vers 10-15). Terwyl alles rondom ongunstig is, leef Jeremia soos gelowiges geroep is om dag vir dag te

lewe. Hy kyk nie te ver vooruit nie. Hy weet hy moet vandag sy verantwoordelijkheid teenoor sy familie nakom, omstandighede ten spyt.

Hierdie boodskap moet as inspirasie vir die nageslag in kleipotte bewaar word. Hierin lê 'n stuk ironie. Die belangrike getuie van die Here se teenwoordigheid onder slegte omstandighede moet op skrif gestel word, maar in breekbare houers bewaar word.

Die punt van vergelyking is die broosheid van kleipotte. In die antieke wêreld is kleipotte onder meer gebruik om waardevolle dinge en lewensmiddele in te bewaar. Dit het ingesluit graanprodukte, olywe, olie, boekrolle en ander gebruikartikels. Tog kon kleipotte maklik breek. Gelowiges is soos brose kleipotte, wat bewaarders is van iets waardevols. In ons weerloosheid, in ons broosheid word die kragtige teenwoordigheid van God onder alle omstandighede sigbaar. Dit inspireer mense en gee mense moed, want die uitspeel van ons lewe elke dag is geborge in die krag van die teenwoordige God.

► Dr Fanie Cronjé is predikant van die NG gemeente Riviera-Jakaranda in Pretoria.

TERUG NA DIE TOEKOMS Pinkster: Dit is tyd vir 'n nuwe begin

JOHAN VAN DER MERWE

Die wyse waarop Pinkster in die NG Kerk gevier word is een van die kerk se unieke en uitstaande kenmerke. Geen ander Afrikaanse kerk hou *pinksterdienste* of *pinksterbidure* nie. Hierdie gebruik dateer uit 1861 toe die eerste pinksterbidure onder leiding van ds GWA van der Lingen in die Paarl plaasgevind het. Op soek na herlewing in die gemeente, is daar besluit dat gemeentedelede vanaf Hemelvaart tot met Pinkstersondag aktief om herlewing sou bid. Die gevolg was 'n herlewing wat vanaf 1862 gaandeweg na al die ander gemeentes van die NG Kerk oorgespoel het. Deur die geskiedenis het hier-

die gebruik van pinksterbidure tot nuwe lewe in honderde gemeentes en in die lewe van duisende lidmate gelei.

Ongelukkig het dit oor die afgelope dekades verwater. Verskeie "goeie" redes word hiervoor aangevoer: "Twaalf dae van Hemelvaart tot Pinkster is te lank vir die besige mense van ons tyd", "Dit is te gevaarlik om in die aand dienste by te woon" en "Mense se behoeftes het verander" is van die redes wat aangevoer word. In baie gemeentes het Pinkster in vertoningsdienste ont-aard waar beroemde en bekende predikers vir drie of vier aande die skares moet lok, in so 'n mate dat dienste selfs op ander tye gereël word sodat dié

predikers geakkommodeer kan word. Daarvoor word plakkate teen pale opgesit en grootskaalse bemarking gedoen.

Die rol van Pinkster het ook in die kerkverband in meerdere vergaderings van die agenda verdwyn. Tydens die sinode van 1986 is daar nog verwys na 'n oproep in *Die Kerkbode* van 9 April 1986 onder die opskrif "Pinksteroproep vir die noorderwind van God se Gees". In hierdie oproep is gemeentes versoek om groot erns te maak met Pinkster om sodoende terug te keer na die Here "in die ernstige en moeilike tye waarin ons leef". In 1990 het die Algemene Sinode 'n laaste keer oor Pinkster gepraat nadat

'n versoek van die Sinode van Noord-Kaap vir teologiese besinning verwys is. Toe is daar vir die afgelope 30 jaar stilte!

Miskien dwing die tyd waarin ons leef en die gevolge daarvan in die lewe van gemeentes en lidmate van die NG Kerk ons om terug te gaan na die begin van pinksterbidure. Dit is dalk nodig dat ons vir 'n oomblik die strydbyle in die kerk begrawe en vir 12 dae lank in verootmoediging in gebed voor die lewende Here sal buig. In 1861 was dit 'n nuwe begin! 160 jaar later is dit meer as ooit tyd vir nog 'n nuwe begin.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

In pas met die lewende God Minder vergaderings, meer fokus

LOURENS BOSMAN

Die navorsing wat gedurende 2020 onder predikante gedoen is, het 'n aantal betekenisvolle sake uitgewys. Die taakspan vir navorsing het gevra watter lesse het Covid-19 ons geleer, waarmee sal julle wil ophou, wat sal julle minder wil doen of ten minste anders doen?

Een van die interessante antwoorde was dat predikante voel hulle sal in die post-Covid-tyd minder vergaderings wil hou. Hulle het ontdek dat aanlyn vergaderings 'n meer ekonomiese manier is om besluite te neem: wat finansies sowel as tyd betref. En dat ons bloot net te veel vergaderings hou waaruit te min resultate kom.

'n Verdere belangrike uitkoms was

dat die dominees besef hoe belangrik dit is dat hulle bediening meer gefokus moet wees. Daarmee saam loop ook 'n groter bewustheid van die nood in die gemeenskap. Hoe lyk die gemeente se identiteit en roeping en waarop fokus ons in die lig van hierdie nood?

Hierdie twee gevolge van Covid-19 kan mekaar versterk, maar dit kan ook teenoor mekaar staan.

Minder vergaderings behoort te beteken dat ons meer effektief werk en minder tyd spandeer aan die bestuur van die gemeente. Dit sal 'n goeie ding wees. Ons hoor dikwels dat leiers sê hulle is só besig met God se sake dat hulle nie genoeg tyd het vir die God van hierdie sake nie.

Die gevaar kan egter wees dat wan-

neer die leiers van die gemeente minder vergader, dit kan beteken dat ons minder tyd spandeer om saam te reflekteer oor wie God is en waarvoor Hy ons roep. Dit sal 'n slegte uitkoms wees. Om God se roeping vir die gemeente te onderskei is die belangrikste werk wat die leierskap het, en dit is iets wat ons saam moet doen. In hierdie tye waarin ons wêreld voortdurend verander, is dit noodsaaklik dat ons gereeld saam luister en onderskei waarvoor roep God ons nou.

My kollega, Kobus Schoeman, vertel van 'n internasionale leier wat gesê het: "You must spend the same amount of time reflecting on ministry as working in the ministry."

Dit voel dalk of hierdie stelling te

ver gaan, maar die beginsel is krities belangrik: om in pas te wees met die lewende God, moet ons eers baie goed luister, dan doen. 'n Vriend het eendag gesê: In die NG Kerk soek ons nie regtig om die Here se leiding nie. Ons dink eerder self ons planne uit, wys dit dan vir die Here en vra dat Hy dit sal seën.

As ons meer effektief kan raak ten opsigte van administrasie en bestuursvergaderings kan dit vir 'n gemeente meer tyd gee om saam te luister en saam te reflekteer oor God se wil en roeping. Miskien sal dit een van die grootste winste wees wat uit hierdie tyd kom.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

Daardie paar bladsye wat min mense lees

CAS WEPENER

Dit staan amper altyd op daardie paar bladsye wat min mense lees. Dit is daardie eerste bladsye van boeke wat in die kerk gebruik word. Mense wonder soms hoe is daar gedink toe ons *Liedboek* saamgestel is. Dit staan op daardie bladsye. Ander wonder weer hoe is daar besluite geneem met die nuwe 2020 Bybelvertaling. Dit staan ook op daardie bladsye. En dan is daar 'n boek wat op ons kansels lê en veral die dominees lees, die *Handleiding vir die erediens*. Die boek het ook 'n eerste paar bladsye wat min mense lees.

Is die eerste bladsye van die *Handleiding* die lees werd? Waaroor gaan dit? Net dit – “Wat is die erediens?”. Ek weet, dit klink baie vervelig. So, hoekom sou ek dit lees, ek weet mos wat die erediens is?

Daar is die bekende spreuk van Heraklitus wat lui dat geen mens ooit twee keer in dieselfde rivier inloop nie, want dit is nie dieselfde rivier of dieselfde mens nie. Dit is ook waar van ons erediens. Volgende Sondag mag dieselfde lyk as verlede Sondag se erediens, maar dit is nie. Daar is nuwe tekste en vanaf persoonlike, deur plaaslike tot op 'n internasionale vlak, het baie gebeur en is die mense wat saamkom ook nie meer dieselfde as verlede week nie. Daarom is liturgiese vernuwing, of eerder verdieping of voortgaande ontdekking, 'n deurlopende en selfs weeklikse saak. En liturgiese verdieping, wat altyd nodig is ongeag liturgiese styl, gebeur nie met die kies van 'n mooi votum, om 'n preekreeks te beplan, of om lofprijsing uit te brei nie. Dit begin by 'n diepte verstaan van wat liturgie is. Met ander woorde, dit begin by dit wat op daardie eerste ongeleesde bladsye staan.

Liturgie is nie net die diensorde, die lysie goed wat in die erediens gebeur, vanaf die votum, deur die preek en offergawes, tot en met die seën aan die einde nie. Liturgie is dit alles, en ook soveel meer. Dit gaan oor alles wat in daardie tyd op 'n sigbare en ook onsigbare vlak gebeur. Dan is liturgie 'n gebeurtenis, 'n gebeurtenis waarin God die mense wat saamgekom het op 'n bepaalde tyd en plek op 'n sekere wyse ontmoet. Om nou regtig hoogdrawend te klink kan ons sê dit is 'n ontmoetingsgebeure, maar dit is ook presies wat dit is, 'n ontmoeting van mense met God Drie-enig waartydens dinge gebeur. Die dinge wat gebeur is nie net dit wat die mense daar doen soos sing en luister nie, dit is juis ook wat God daar doen.

Die meeste mense het reeds oortuigings oor wat hulle dink daar gebeur wanneer hulle in 'n erediens aankom. Ons kan dit vergelyk met dit wat in die alledaagse lewe ook gebeur en hoe mense in verskillende ruimtes optree en wat hulle oortuigings verklap. In 'n bi-

blioteek praat mense sagter en hulle bewegings is stadiger; in museums vat mense nie aan alles nie en loop sagter; op die pawiljoen in 'n sportstadion maak mense 'n groot lawaai en spring op en af. Mense pas hulle optrede telkens aan, afhange van die plek waar hulle hulself bevind en gegrond op dit wat hulle dink daar gebeur.

'n Vriendin in Nederland het my daarop attent gemaak dat Doppers anders in 'n erediens hoes as Lutherane. Ek het eers gedink dit is net 'n grap, maar dit is waar. NG lidmate hoes egter op uiteenlopende wyses in ons erediens, wat wys daar is 'n wye verskeidenheid sieninge rakende wat die erediens is en wat presies daar gebeur. NG kerkgeboue ruik selfs anders as ander kerke, wat ook veelseggend is. En diep onder dit alles, is daar natuurlik 'n verstaan van God, wie God is en wat God doen, wat my siening van wat in die erediens gebeur, beïnvloed.

In liturgie soek en vind God en mense mekaar. Sommige sê dit is 'n soort beweging, naamlik dat God na die mense en die mense na God beweeg. Maar in daardie beweging is dit altyd God wat eerste na die mense beweeg en die mense wat daarop reageer. Kyk maar na die verhale van die Bybel wat ook vir ons wys hoe God altyd die inisiatief neem en mense daarop reageer. Die drie-enige God is daar saam met God se mense.

Dit sit ook in die DNS van ons ere-

dienshandleiding, soos verduidelik op daardie eerste bladsye, wat werk met Toetrede, Woorddiens, Tafeldiens en Uitsending. Ons ontmoet die God wat ons roep en voor Hom versamel; die Gees wat deur die Woord ons uitdaag en troos; Christus wat by die tafel ons oë laat oopgaan en ons versterk vir die lewensreis; die drie-enige God wat ons uitstuur na die liturgie van die lewe.

Nie te lank terug nie sou ons net gesê het dat God praat en die mense antwoord in die erediens, punt. Dan is die hele diensorde ook in hierdie lig gesien. En dit is waar en dit is mooi, maar daar is ook soveel meer. Mense het lywe en God ontmoet ons nie alleen deur ons ore en verstand nie, maar deur al ons sintuie, dis 'n lyflike ontmoeting. Ek sien, en voel en ruik en proe ook hoe God my kom opsoek en ek reageer. Daarom is die sakramente en simbole en rituele ook belangrik, saam met die preek.

En wat daar ten diepste gebeur is dat in hierdie ontmoeting tussen God en mense die verlede, van die oerverlede tot vanoggend, daardie verlede tyd waar God altyd was en dinge gedoen het; in die hier en nou van die erediens onthou word, so ook teenwoordig gestel word; en dan breek 'n heel nuwe toekoms oop. Dan hoor, sien en beleef die mense in die erediens dat die God van Sara, Rebekka en Lea, ook my God in hierdie oomblik, hierdie moeilike dae is, en ook dieselfde God gaan wees in die toekoms

wat ek nog nie ken nie, 'n toekoms waar Hy reeds is. Daar gebeur dus goed in die erediens, want God Drie-enig is aktief aan die werk. Ek sit nie net daar op 'n kerkbank en samel inligting oor die Bybel in nie. Dit is waarom Annie Dillard jare gelede al gesê het dat ons eintlik valhelms in die erediens moet dra, want dit is 'n plek waar God aktief werk.

En dan, en dis belangrik, hierdie liturgie en my belewenis van hierdie ontmoeting, spoel oor na die liturgie, die liturgie van die lewe, van Maandag tot Saterdag. So beleef ons ook dat liturgie meer as 'n erediens kan wees, en die hele lewe liturgies kan word. Hier wil ek byvoeg dat alles wat waar is vir die erediens, ook waar is vir aanlyn erediens, want God word nie ingeperk wanneer ons ingeperk word nie.

So, as ek kerk toe gaan, sal God my daar ontmoet? Wel, ja en nee. Soos die teoloog Noordmans jare gelede reeds gesê het, moet ons nie dink dat God kerk toe gaan net omdat ons gaan nie. Ons het nie 'n handvat of greep op God nie. Ons hoop wel, vertrou wel, glo wel, dat dit die geval is, maar ons kan God nie manipuleer nie, alle inisiatief bly by God. Dit is hoekom Gereformeerde erediens deur die eeue graag soos volg begin: *Adjutorium nostrum in nomine Domini*, oftewel “Ons hulp is in die Naam van die Here”.

Dit is dalk tyd dat ons die eerste bladsye van al ons kerkboeke weer 'n slag lees, want vernuwing begin met verdieping, om opnuut te ontdek wat die erediens reeds is, ten diepste wil wees en wat reeds daar gebeur.

► Prof Cas Wepener doseer *Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch*.



Klein venstertjies op God



Reguit hou met krom stokke

Dit is 'n pragtige oggend langs die meer van Galilea. Petrus en sy broer Andreas is besig om werpnette in die water te gooi. Jesus stap nader en nooi hulle: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak” (Matt 4:19). Hulle het dadelik hulle werk gelos en Hom gevolg, want sy roeping en genade het hulle lewe totaal en al omgekeer na diensknegte van die Allerhoogste, getuies, ambassadeurs, volgelinge, gehoorsame dissipels en leerlinge. Hulle kon nie anders nie, want hulle wou nie anders nie.

Hulle was doodgewone mense sonder geleerdheid, invloed, rykdom of status. Tog het Jesus hulle gekies om sy boodskappers te wees. Wat hulle verkiesing nog meer onbegryplik maak, is die feit dat hulle hom in sy nood verloën, verraai en in die steek gelaat het. God slaan egter met krom stokke reguit hou! Daarom dat 'n begeesterde Petrus op Pinksterdag met groot vrymoedigheid preek en drie duisend mense tot bekering kom.

Die opgestane Christus se uitnodiging staan steeds: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.”

– Kobus Smit

fineartamerica.com/profiles/kobus-smit

Foto: Klein-Brakrivier

NG GEMEENTE WITPOORTJIE**VAKATURE: LERAAR
(VASTE TERMYNPOS [KONTRAKPOS] VIR DRIE JAAR)****GEMEENTEPROFIEL:**

- Witpoortjie is 'n voorstedelike gemeente geleë in die weste van Gauteng en is deel van die Ring van Roodepoort (Sinode Goudland).
- Die gemeente is 'n stedelike eenmangemeente (pastorale gemeente).
- Van karakter is die gemeente sterk behoudend met Gereformeerde spiritualiteit en stel 'n hoë premie op Skrifgetroue prediking.
- Die gemeente is 'n tipiese stedelike gemeente en bestaan grootliks uit ouer persone.

LEREAARPROFIEL:

In aansluiting by ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, moet die leraar:

- Iemand wees wat die Here liefhet en 'n roeping het om in sy diens te staan.
- Entoesiasies wees oor Gereformeerde Skrifgetroue prediking.
- 'n Gelegitimeerde van die NG Kerk wees.
- Pastorale versorging as belangrik ag.
- Leiding kan neem en met die kerkraad en gemeente as span kan saamwerk.
- Rekenaartegnologie en ander digitale media in sy bediening kan gebruik.
- Jeug kan inspireer om betrokke te wees by die kerk, maar wat ook die behoeftes van ouer mense kan aanspreek.

VERGOEDING:

- Vergoeding en voordele sal tydens 'n onderhoud verstrekk word.
- Die gemeente beskik nie oor 'n pastorie nie. 'n Behuisingstoelaag word voorsien.

AANSOEKE:

- Volledige CV met drie toepaslike referente aan die skriba (elektronies).
- Geselekteerde kandidaat moet beskikbaar wees vir onderhoude in die week en 'n preekbeurt op Sondag.

SLUITINGSDATUM: 31 Julie 2021.**DIENSAANVAARDING: 1 Januarie 2022.****NAVRAE:**

- Skriba: witpoortjie.ng@gmail.com
- Leierouderling: P Coetzer (082 789 6288), philip.coetzer@seeff.com

Die kerkraad hou hom die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoek te maak nie.

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van Kerkbode nie.

STELLENBERG-GEMEENTE**Vakature: Voltydse leraar****Gemeenteprofiel:**

Stellenberg is 'n makrogemeente in die noordelike voorstede van Kaapstad. Die bedieningstruktuur is gebou op 'n diversiteit van bedienings waarin 'n verskeidenheid van mense kan tuiskom. Die gemeente se visie is om uit te reik oor alle grense en die waardes sluit die volgende in: nader aan God, nader aan mekaar, om voortdurend te vernuwe en om met 'n verskil in die wêreld te leef.

Vereistes:

- 'n Persoon in wie Stellenberg-gemeente se visie en waardes resoneer.
- 'n Gelegitimeerde predikant van die NG of VG Kerk met meer as vyf jaar se bedieningservaring.
- 'n Geloofs- en emosioneel volwasse persoon wat baie goed in spanverband kan saamwerk en die vermoë het om goeie verhoudinge te bou.
- Iemand wat veral 'n sterk passie en aanvoeling het vir die bediening van gesinne en families en gemaklik met jonger kinders in eredienste kan kommunikeer.
- Kreatiewe en innoverende denke oor die bediening in 'n stedelike voorstad.

Vergoeding:

Die pakket is in lyn met die sinodale riglyn en op aanvraag beskikbaar. 'n Pastorie of huis-subsidie is beskikbaar.

Sluitingsdatum: 31 Mei 2021.**Datum van diensaanvaarding: 1 Februarie 2022.**Om aansoek te doen moet voornemende aansoekers asseblief die aansoekvorm op die gemeente se webwerf (<http://www.stellenberg.co.za>) voltooi en die voltooië vorm na lindy@stellenberg.co.za e-pos.**AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE**Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za**NG KERK****BEROEP:** Prop Santel Malan na Empangeni; dr Jacobus Stephanus Petrus Uys na Laingsburg; ds Wilhelmus Hendrikus van Zyl na Edenburg.**AANVAAR:** Dr SI Cronjé van Riviera-Jakaranda na Lynnwood; ds Nati Stander van Witrivier na George-Bergsig; ds JJ (Cobus) Swanepoel van Goodwoodpark na De Tyger;**NOORD-KAAPLAND****EMERITAAT**

Ds JPL Mostert het op 30 April 2021 geëmeriteer. Die akte van bevestiging van die emeritaat is op Sondag, 18 April 2021 aan ds Mostert oorhandig. (Ds Ensie Enslin, Ringskriba, 19.04.2021).

BEVESTIGING

Ds Leonie Pistorius is op Sondag, 18 Apr 2021, as leraar in die NGK Upington-Wes bevestig. (Elna Theron, 19.04.2021).

KWAZULU-NATAL**SINODESITTING**

Weens die COVID-19-regulasies is besluit om 'n Prioriteitsinodovergadering te hou, wat sal plaasvind op Dinsdag, 25 Mei 2021, tot en met Woensdag, 26 Mei 2021. Registrasie en verversings vanaf 08:30 en opening om 10:00 in NG Hayfields se kerkgebou – nie meer NG Hayfields se saal nie. Die vergadering sal op 26 Mei om 17:00 verdaag. (Marlize Malherbe, Skriba, 21.04.2021).

KENNISGEWING

Ds C Rossouw van NGK Empangeni se kontrak het op 30 April 2021 verstryk. (E van Schalkwyk, 22.04.2021).

OOSTELIKE SINODE**BEVESTIGING**

Ds Christoffel Frans Jacobs, voorheen van die NG gem Lyttelton-Noord (Tentmakerspos), is op Sondag, 25 Apr 2021, bevestig as voltydse leraar in die NG gem Komatipoort. Hy is bevestig deur ds Rinus Wasserman van Wierdapark-Suid. (Willem Nortjé, Voorsitter: Kerkraad, 26.04.2021).

NG GEMEENTE CARNARVON**TWEE JAAR TERMYNPOS****GEMEENTEPROFIEL:**

Carnarvon is geleë in die bekoorlike uitgestrekte Bo-Karoo, veral bekend vir skaapboerdery. Die gemeente beskik oor 'n pragtige tradisionele kerkgebou, funksionele saal en jeugsentrum en baie ruim, statige pastorie.

Hier is 326 belydende en 71 dooplidmate ingedeel in agt dorpswyke en sewe plaaswyke wat bedien word deur 'n ouderling en diaken vir elke wyk. Die gemeente se bedienings-area is uitgestrek oor sowat 100 km.

Binne die gemeente is 'n tuisonderrigsentrum, skole en 'n tehuis vir bejaardes.

LEREAARPROFIEL:

- Die bediening as leraar volgens die bepalings van die Kerkorde.
- 'n Lewende en persoonlike verhouding met Jesus Christus.
- Voorliefde vir die plattelandse bediening sal as aanbeveling dien.

VERGOEDING:

- Allesinsluitende pakket van R30 000,00 (Dertig Duisend) per maand.
- Samestelling van pakket onderhandelbaar.
- Gratis huisvesting in ruim pastorie en meegaande voordele.

AANSOEKPROSEDURE:

Leraars, proponente en emeriti word uitgenooi om aansoek te doen.

Stuur aansoek, CV en name van twee referente asook antwoorde op die hierin genoemde vrae aan:

Die Kerkraad, Posbus 46, Carnarvon 8925 of e-pos: ngcarnarvon@hantam.co.za**VRAELYS:**

Beantwoord asseblief die volgende vrae:

1. Noem die spesiale belangstellingareas wat u in die bediening besonder vervullend vind.
2. Noem u besondere gawes en hoe u dit in die bediening aanwend.
3. Motiveer kortliks in 'n paar sinne waarom u die plattelandse bediening aantreklik sal vind.
4. U visie vir die NG gemeente Carnarvon vir die volgende twee jaar veral gesien in die lig van die ernstige droogte en gepaardgaande probleme wat die gemeente ervaar.

NAVRAE:

Hennie Jordaan: 053 382 6083 / 083 485 0464.

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 25 Mei 2021.**Radio Kaapse Kansel 729AM**

Skakel in op Radio Kaapse Kansel 729AM. Dis AM, nie FM nie, so maak seker jy druk die AM/MW knoppie op jou radio en kies dan 729.

Laai die *Radio Cape Pulpit App* gratis op jou slimfoon.info@kaapsekansel.co.za

**VAKANSIE-
AKKOMMODASIE**

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL – 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

**VAKANSIE-
AKKOMMODASIE**

UVONGO: Selsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

MARGATE

Volledig toegeruste selfsorg tuinwoonstel, slaap 4, loopafstand van strand en winkels.

Braaigeriewe en veilige parking vir 1 voertuig.

Skakel: 082 832 9176

3-TWEESLAAPKAMER LEWENSREG WOONEENHEDE beskikbaar in George se middedorp (reg langs die NG Kerk George-Suid).
Koopprys vir die lewensreg is R1 000 000.
Kontak die kerkkantoor by **admin@nggeorgesuid.co.za** vir enige navrae.

MOSELBAAI (REEBOK)

SEE-UITSIG vakansiewoning bestaande uit 2 ruim selfsorgwooneenhede (2½- en 3½ slaapkamer). Heeljaar beskikbaar. 8 km van Hartenbos.
083 508 4289.

GLO-STORIES

In *Glo-stories* kry jy twee unieke stemme in een boek. 'n Storieverteller en 'n dominee wat Sistematiese Teologie doseer. Twee van *Kerkbode* se gewildste skrywers, Dana Snyman en Nadia Marais, nou in 'n medium wat nie so vlietend soos die slimfoon of frommelbaar soos die papierkoerant is nie.

**R140**

Bm
Bybel-Media

Vriende van
KERKBODE

Die behoefte aan betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek groei by die dag.

Jou ondersteuning stel *Kerkbode* in staat om voort te bou op 'n geskiedenis wat terugstrek tot Januarie 1849 toe die

eerste *Kerkbode* verskyn het met die oorspronklike doel om "godsdienstkennis te versprei".

Besoek www.kerkbode.co.za om uit te vind hoe jy 'n Vriend van *Kerkbode* kan word.

NG GEMEENTES WEENEN EN ESTCOURT / MOOIRIVIER**VASTE LERAARSPPOS**

Hierdie plattelandse gemeente het 156 belydende en 37 dooplidmate in Estcourt, wat Mooirivier en Weenen insluit.

LEREAARSPROFIEL:

Die volgende vereistes is van besondere belang met die oog op 'n beroep:

- Die posbeskrywing sluit die primêre funksies van die predikant in – soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.
- Sondae eredienste by Estcourt /Mooirivier een week en volgende week te Weenen.
- Die vermoë hê om tradisionele en charismatiese strome mense bymekaar te bring.
- Die diversiteit van twee gemeentes te kan lees en met sensitiwiteit daarvolgens hanteer.
- Leersuiwerend in alle fasette van gemeentewerk en persoonlike opbou van die gemeente.
- Kontak deur middel van Bybelstudies, huisbesoek en pastorale besoek, Estcourt, Mooirivier en Weenen.
- Troues en begravinge hanteer soos van tyd tot tyd benodig word.
- Die persoon moet betrokke wees by gemeentes-organisering en funksies.

POSBESKRYWING: Hierdie is 'n permanente pos.

VERGOEDINGSPAKKET: R35 000,00. Onderhandelbaar, afhangend van ondervinding.

ONDERVINDING: Ondervinding in vorige gemeentebediening sal wenslik wees.

AANSOEKE: Stuur asseblief u aansoek en CV, met twee referente aan:
E-pos: chari@nmreng.co.za

NAVRAE: Chari sel: 082 871 0123.

SLUITINGSDATUM: Maandag 31 Mei 2021.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit enige van die aansoeke te maak nie.

Om te adverteer in *Kerkbode*, kontak Hanlie Raath:

Sel: 072 357 8914. E-pos: woes@mweb.co.za

**MEDELERAARSPPOS**

Die Here roep sy kerk om een te wees. Bredasdorp-gemeente probeer om gehoorsaam te wees aan daardie roeping. Ons gemeente (VGK en NGK) stap die pad saam en leer wat dit beteken om in Suid-Afrika mekaar lief te hê. Die Here stuur ons as eenheidsgemeente om die kerk van die toekoms, vandag te wees. Ons droom is om 'n nuwe generasie dissipels op te rig wat in die Koninkryk van God werk.

Ons nooi alle gelegitimeerdes in die VGK en NGK om te hoor of die Here jou roep om saam met ons die pad te stap.

Ons glo die Here roep ons gesamentlik om op die volgende te fokus:

- Die bediening aan jongmense, veral skoolgaande jeug, en hul gesinne.
- Die bediening van versoening.
- Kreatiewe missionale bediening van geregtigheid.

Ons verwag van kandidate om in 'n sterk diverse span te kan werk.

As jy belangstel benodig ons 'n volledige CV met twee referente en een bladsy waar jy vir ons skryf oor die volgende:

Wat dink jy is God se toekomsdroom vir Suid-Afrika?

Vergoedingspakket is saamgestel uit 'n gesamentlike begroting van die twee saamgevoegde gemeentes, en wel op Posvlak 3 van die NG Kerk se sinodale skaal, met byvoordele, wat gratis verbyf in die pastorie insluit.

Sluitingsdatum: 31 Mei 2021 om 13:00.

Voorlopige aanvangsdatum: 31 Oktober 2021.

Aansoeke kan gestuur word aan: kantoor1@bredasdorp-gemeente.co.za

Vir enige navrae kontak ds Arné Leuvenink by 082 890 4749 en weksdae tussen 08:00- 09:00.

Dana op reis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



Toe vra die eerwaarde die jong Reggie Boesak se naam

“The past is never dead. It’s not even past.” – William Faulkner

In die museum op Montagu raak ek met ds Reggie Boesak aan die gesels. Hy vertel hoe hy op Kakamas in die Noord-Kaap grootgeword het, lank voor 1994. Sy pa was ’n skoolhoof en hoofouderling, ’n swart man. Sy ma, ’n wit vrou. Hy en sy twee susters en vyf broers bruin, volgens destyds se rasingdeling.

Hoe hy op sestien op ’n plaas begin werk het en hoe dit vir hulle was om in daardie jare trein te ry.

“Ons was agt kinders,” vertel hy, “en as ons op die trein klim, moet my ma in die eerste klas gaan sit by die wittes. En jy het nie ’n sê nie: Daai ou kondukteurs was kwaai.

Ons kinders moes in die tweede klas ry – die Kleurling-wa. Jy sê net: ‘Ja, baas.’ Heel agter moes my pa sit, in die

derde klas, op harde banke, omdat hy swart was. Ons het darem nog op groen banke gesit.

“Nou gaan ons Carnavon toe met die trein, na my oupa toe. Kyk, die trein het in daai jare by elke stasie gestop. Partykeer vir somer lank. Dan hardloop my ma van die eerste klas af, dan kom gee sy eers vir ons kos, ons toebroodjies en goed.”

Ds Reggie, ’n afgetrede VGK-predikant, glimlag effentjies. “So was dit maar in daardie tyd. Jy’t dit maar so aanvaar.”

Hy woon al vir jare hier op Montagu en is onder meer betrokke by die museum, wat in die ou sendingkerk op die dorp ingerig is. Die oorspronklike preekstoel staan nog hier, met die wynrooi kleedjie wat verklaar: Ziende op Jezus.

Die ou sendingkerk is in 1907 geopen deur dr DF Malan, wat later eerste minister geword het en wie se regering

wette goedgekeur het wat bepaal het ’n gesin soos die Boesaks moes in drie verskillende treinwaens reis.

Oral teen die mure is ou foto’s opgeplak. Een is van Rachel Keet, wat ’n bekende vroedvrou in die omgewing was – die ouma van Breyten Breytenbach. In ’n glaskas ’n Statebybel en ou gesangeboeke.

’n Ander foto vang my oog. Hansie de Koker, een van die kerk se eerste kosters, afgeneem voor die kerk, lank voor dit ’n museum geword het. Statig staan hy daar in ’n pak klere in ’n ovaalraam teen die muur.

Sien ek die van De Koker, dink ek aan eerwaarde De Koker, die sendingpredikant op Daniëlskuil in die Noord-Kaap waar ek ’n kind was.

Eerwaarde De Koker was ’n wit man en het nes pa vir predikant gaan studeer, maar hy is nie dominee genoem nie. Hy, nes al die ander wit sendingpredikante in daardie tyd, is eerwaarde genoem en hy het in ’n toringlose kerk in die lokasie vir die lokasiemense gepreek.

Eerwaarde De Koker het met ’n Toyota Corona-bakkie gery en sy pastorie was nie so mooi soos ons s’n nie. Sy pastorie was naby die koöperasie en die slaggale aan die rand van die dorp, op pad lokasie toe.

Soms het eerwaarde De Koker na ons kerkbasaar toe gekom, maar die mense het nie met hom gesels en grappies gemaak soos met my pa nie. Hy het ’n rukkie daar rond gestaan, ’n paar pannekoekie gekoop en weer verdwyn.

Ek vra vir ds Reggie of hy daardie sendingpredikante onthou. Die eerwaardes.

Natuurlik onthou hy hulle. By hulle op Kakamas was ’n eerwaarde Sinclair.

“My pa was die hoofouderling. So, dan gaan ek saam met my pa na eerwaarde Sinclair toe, dan help ons die eerwaarde in sy tuin dingetjies doen. Dan sê die eerwaarde vir my: ‘Wat is jou

naam?’ Dan sê ek: ‘Reginald, Eerwaarde.’ Dan sê hy: ‘Wat? Jy kan nie ’n Engelse naam hê nie. Van vandag af is jy Reguit-naald.’

“Vandag lag ’n mens daaroor,” sê ds Reggie en lag.

Hoe ’n soort man ons eerwaarde De Koker was, weet ek nie. Hy is moontlik reeds lankal oorlede. Ons was nie een keer in sy pastorie nie.

Eerwaarde Sinclair is later weg by hulle op Kakamas, vertel ds Reggie, toe kry hulle vir eerwaarde Kriel.

“Die Kriels het ’n seuntjie gehad, dan speel ek en die seuntjie tog te lekker by die pastorie. Ons het groot maatjies geword, tot op ’n dag toe kom ek weer daar by die pastorie om te kom speel. Toe het hy wit maatjies daar by hom. Toe sê hy, nee, jy kan nie meer hier kom speel nie.”

Ds Reggie skud sy kop. “Dis dan jou maatjie, man. Nou moet jy loop.”

Daardie Kriel-seun het later ’n gesiene NP-politikus geword. Ds Reggie, wat een van die dae 85 word, het op Wellington gaan studeer en was onder meer lank in die bediening in die Richtersveld.

“Ons het mekaar weer jare later raakgeloop, ek en hy.” Ds Reggie glimlag weer effentjies – ’n glimlag wat sê: Ek het nie bitterheid in my nie. “Hy wou hê ek moet by die NP aansluit, maar ek het gesê: Jammer, ek kan nie. Maar ek het hom vergewe. ’n Mens moet kan vergewe, en versoen, anders sal jy nooit vrede hê nie.”

Dit is laatmiddag. Ds Reggie groet en gaan stil by die deur uit. Die Kriel-man is reeds oorlede. Die son raak al flouer agter die brandglasvensters. Breyten se ouma teen die muur en iets van dr DF Malan hier iewers. Sou Hansie de Koker, die koster in die ovaalraam, op ’n manier verwant aan eerwaarde De Koker gewees het?

Die verlede het baie van ons vreemde delinge vir mekaar gemaak.



Ds Reggie Boesak woon al vir jare op Montagu en is onder meer betrokke by die museum, wat in die ou sendingkerk op die dorp ingerig is. Die oorspronklike preekstoel staan nog hier, met die wynrooi kleedjie wat verklaar: Ziende op Jezus.
Foto: Dana Snyman

“’n Mens moet kan vergewe, en versoen, anders sal jy nooit vrede hê nie.”